



U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Junie 1976

# Ons strewe....

Die geboorte van Biblikasie is 'n heuglike gebeurtenis. Sy verskyning is nog 'n treetjie nader aan ons doelstelling om 'n Biblioteekdiens daar te stel wat in gees en gesindheid kerngesond is. Kommunikasie is vandag 'n modewoord, maar ons moet erken dat gebrek aan goeie onderlinge kommunikasie by geleentheid kan lei tot misverstande wat onherstelbare skade op persoonlike en wyer vlak tot gevolg kan hê. Ek is oortuig dat Biblikasie 'n uiters waardevolle bydra kan lewer om ons van so iets te vrywaar.

Dit is tog belangrik dat ons deel in mekaar se suksesse en uitdagings in die werksituasie. Ons doel en strewe is immers dieselfde en die bydrae wat elkeen tot verwesenliking daarvan lewer, behoort by 'n ander die nodige waardering te geniet.

Ons doel en strewe binne die konteks van U.P. se Biblioteekdiens het weliswaar verskillende fasette en ek sal van tyd tot tyd die soeklig op sommige daarvan laat val. Die belangrikste is waarskynlik dat ek en u U.P. se Biblioteekdiens moet laat funksioneer as die hart, die akademiese kragopwekker, van hierdie universiteit. Dit is so dat die moderne universiteit se akademiese en navorsingsprestasies deur vele geoordeel word aan die hand van die gehalte van die biblioteekdiens wat dit ondersteun. Dit kan ons net meer vasbeslote maak om die universiteit sy volle dividend te gee op die geweldige belegging wat hy jaar na jaar in sy Biblioteekdiens maak. Hierdie dividend bestaan o.a. daarin dat ons die optimale gebruik van ons dienste, literatuur en fasiliteite bewerkstellig.

Om goeie dienste te kan lewer, moet ons ons gebruikers ken. My pogings om spontane en formele kontak te maak met studente, studenteleiers en dosente is pragtig aangevul deur die vakbibliotekarisse en hulle assistente. Daarbenewens is ons ondersteuningsdienste soos die Bindery en Fotokopiëringsafdeling altyd gereed om flinke bystand te verleen.

Die instelling van 'n eie afsonderling Beplannings- en Ontwikkelingsafdeling vir ons Biblioteekdiens was, hoewel vir baie 'n nuwe biblioteekkundige verwikkeling, 'n noodsaaklike voorwaartse stap. Verskeie projekte is suksesvol afgehandel en die rekenariseringsprojek bly steeds 'n saak van hoë prioriteit.

Graag beklemtoon ek dat dit wat ons t.o.v. die Hoofbiblioteek probeer bewerkstellig ook vir elke biblioteek in ons diens geld en daarom vind fisiese vernuwing binnekort gelyktydig by vier biblioteke plaas.

Ons moet besef: hoe beter ons dienste, hoe groter die gebruik daarvan en hoe hoër die eise wat aan ons gestel word. Laat die groter benutting van ons dienste steeds 'n aansporing wees om vir die student, dosent en navorser nog onmisbaarder te word. Is daar per slot van sake 'n groter lewenskompensasie as die wete dat dit wat ek is en dit wat ek doen vir 'n ander kosbaar is?



Prof E D Gerryts
Direkteur van Biblioteekdienste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# terloops...

'n Verslaggewer van Die Transvaler het in 'n artikel oor die Intervarsity tussen die Tukkies en die Maties in Die Perdeby van 11 Junie die volgende in verband met Tukkies se rugbykaptein te sê gehad: „Hy is so onversteurbaar soos die Merensky-Biblioteek ..."

Ons hoef nie te wonder nie: hy is 'n Oud-Tukkie.


Sy woorde was seker as 'n kompliment bedoel (of sy beeldspraak geslaagd is, is nie nou ter sprake nie), maar ons as personeel van Merensky-biblioteek hoop dat hy die ou Merensky-biblioteek in gedagte gehad het en dan die gebou spesifiek.

Dit is dan ook nie waar die saak ophou nie, want ons werk in hierdie nuwe gebou en hoop dat hy nie wat standvastigheid betref by die oue sal agterstaan nie.

Ek kon my voorstel hoe ons aan ander voorgestel sou kon word: Ontmoet asseblief die personeel van Merensky-biblioteek:

Hulle is goeie burgers van die Staat, bevegters van inflasie, niks is vir hulle te veel nie, alles 'n uitdaging. Hulle is vredeliewend en vriendelik, vererg hulle nie vir studente nie en word nie boos vir mekaar nie, hulle is inskiklik en aanvaar alles wat na hulle kant toe kom gelate, veral dit van die bestuur se kant af, hulle is aantreklik (maar daaroor swyg ons), stiptelik veral teetyd; hardwerkend, veral saans, hulle is onverskrokke en is vir niks bang nie, behalwe dat die einde van die maand nader kom en dat die gebou dalk op hulle kan instort.

Ons vertrou dat ons nie so voorgestel hoef te word nie - ons vrese is gelukkig met een verminder. Die verslaggewer kon maar gesê het dat Wynand Claassen so „op die bôl" is soos Merensky-biblioteek. Dan sou dit nie saak gemaak het wat hy ingedagte het nie en sou dit miskien 'n kompliment na albei kante gewees het.




Joris, dis van die biblioteek, hulle doen navraag oor jou agterstallige boeke.

# van die buiteposte

## Jan Steen

Die Diskoteek gaan nou 'n baie bedrywige tydjie tegemoet, aangesien die studente druk besig is met take en toetse. Tussen al die studies deur kry hulle egter nog kans om konserte ook te hou, want op 2 Julie gee die Musiekstudente 'n konsert in die Kunsmuseum in Arcadia. Die konsert word gehou ter herdenking van Jan Steen, wie se werk terselfdertyd ook uitgestal sal word. Die kunswerke dateer uit die 17de eeu en daarom sal die musiek wat gespeel word ook uit die 17de eeu wees.

## Uit die middestad

Hier by die Macfadyenbiblioteek het die afgelope ses maande vir ons heelwat „stof tot dankbaarheid" ingehou.

'n Belangrike besluit, nl. dat die Buitemuurse tak hoofsaaklik 'n voorgraadse dienspunt gaan word, is geneem en daarvan moes werk gemaak word. As motivering vir dié besluit kan genoem word dat die Merensky-biblioteek teenoor die Buitemuurse tak, oor baie beter middele beskik om in die nagraadse student se behoeftes te voorsien. Die Macfadyen sal egter steeds voorsiening maak vir die nagraadse kursusse wat slegs by Buitemuurs aangebied word.

Die boekvoorraad is van 50,000 tot 'n dinamiese 20,000+ uitgedun, deur die „dooie" voorraad (wat meestal verouderd was) óf in die Merensky-biblioteek op te neem (die bestes), óf hulle af te skryf. Nadat die stof gesak het, sien ons rakke met 'n nuwe uitnodigingskarakter daar uit.

Aangesien nuwe boekbestellings teen 'n tempo van tot 400 boeke per maand inkom, sal dit sinvol wees om die boekvoorrade, van nou af, gereeld uit te dun.

Met blydskap het ons gesien dat ons temperamentele Xerox-masjientjie 'n tweeling-broer bygekry het. Sy steeksheid in kritieke tye was 'n magtige bron van frustrasie. Hoewel Xerox die Tweede, ten tye van skrywe, nog nie „be-geldslot" is nie, wek sy teenwoordigheid reeds vertroue by Xerox die Eerste, personeel en studente.

Met die gerug in die lug dat heelwat strukturele veranderinge hier by Buitemuurs aan't kom kan wees, groet ons vanuit die middestad.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Landbounuus

Gedurende Februarie en Maart was daar groot veranderinge aan die gang in die Landbou-biblioteek.

Die entoesiasme van die biblioteekpersoneel was gou gedemp deurdat albei betrokke was in klein ongelukkies. Mev Alet Fisher het net betyds padgegee vir 'n vallende vensterruit en mej Jeannetta du Preez was net te laat om die val van die toonbankstut vry te spring. Die nuwe Philipsfiets het goed te pas gekom toe Andries gou na die naaste apteek kon jaag vir noodhulptoerusting.

Daar is van kantoorruimte verwissel, die biblioteekvoorraad is verskuif en 'n kombuis is aangebou. Met die aankoop van 'n eenplaatstofie deur die personeel het warm middagetes 'n werklikheid geword en kry Huis-en-Haard se kafeteria nie meer aftrek nie.

Die tydskrifuitstalrakke is verskuif na die stoep wat uitkyk op Lynnwoodweg. Nou het die landbouers 'n gesellige leesruimte en aangename uitsig veral as die dramastudente op die gras hulle vroeëmôre passies uitvoer.

# wat gebeur waar?

## Van Zyl, en kie

In ons geledere is ons tien
Om ons te waardeer moet julle ons sien
Dis skoonheid op aanvraag, veral die een
Al gehoor van Jakkie so man-alleen?

Die siektetoestand is ook maar woes
Dis griep en verkoues en party lyk maar kroes
Maar gelukkig is ons gestelle so sterk
Ons bly op die langste twee dae uit die werk

Maar nou lê daar groot dinge vir ons voor
Julle het seker al van rekenarisering gehoor
Die feit dat ons op die tien-jaar plan is
Stuit die Topbestuur nie, dis nou gewis

Reeds in die jaar 1970 en 6
Moet ons begin voorberei vir die proses
Ons dink nou in nommers, en party dae het ons
vergaderings gehou en gepraat dat dit gons

Ons staan nou baie na aan die Topbestuur
met al die besprekings so uur na uur
Binnekort is ons afdeling gesluit vir 'n dag
En dan gaan ons sommer groot dinge vermag

Van sistematiese kardekse is daar nou niks meer
En almal sal maar hul ABC weer moet leer
Maar helaas, dis net die begin van die proses
Ons hoop maar net dit 'n blywende sukses

## Ons eie fabriek

Die groot uittog uit die ou Merensky na ons pragtige nuwe gebou het ons nie almal deurgemaak nie, maar aan die gevolge het ons net so hard gedra. Die tikwerk en die rugbeskrywings was baie agter, die rakke het volgestaan van boeke en daar was stapels werk van die ontsluiters wat getik moes word.

Ons moed was byna gebreek maar daar is toe soos een man ingespring en „fabriek" gemaak. Een tikster het net boeke oopgemaak by die stempel vanwaar ons die nodige inligting vandaan kry, 'n ander het net getik, nog een het boeke op 'n trollie gepak en die res het geknip en plak dat die snippers so waai!

As een van die ouens in die Biblioteek dalk besluit om 'n fabriek iewers oop te maak, kom maak gerus hier onder 'n draai vir nuttige wenke en ontmoet 'n span werknemers wat u in aanmerking kan neem vir u voorgenome projek. Ek meen daar moet gewerk word om 6 000 boeke op een dag deur te stuur en nie gespeel word nie.

En ons beloning? Leë rakke vir een dag, die volgende dag staan dit weer vol in blom van nuwe boeke om nie eers van die buitemuurse boeke wat nou hierheen gestuur is te praat nie.

Maar een ding is seker en dit is dat daar gewerk word en dat daar spangees onder ons tiksters is.

En so terloops, ons is tans op datum (behalwe vir die buitemuurse boeke), en deesdae moet die ontsluiters skryf dat die rook by hul penne uitdraai om voor te bly.

## Slawearbeid

In die Ontsluitingsafdeling is ons tans besig om 'n baie interessante reeks op mikrofiche te ontsluit. Die reeks bestaan uit 441 geskrifte, deur verskillende outeurs, wat op mikrofiche opgeneem is. Die reeks „Slavery source materials", handel uitsluitlik oor slawerny in Amerika. Dit is baie omvattend en dek verskeie aspekte van die onderwerp. Die godsdienstige-, politieke-, letterkundige-, geskiedkundige- en wetlike sienings word onder andere gedek. Outobiografieë van slawe asook sommige van hul eie standpunte word ook ingesluit.

> "A slave is one who is the power of a master to whom he belongs; the master may sell him, dispose of his person, his industry, and his labor, he can do nothing, posess nothing, nor acquire anything, but what must belong to his master."

Dit is wat Amerikaanse slawerny behels en wat in hierdie reeks onder die soeklig gebring word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# 'n Jong Afdeling

Die Afdeling vir Beplanning en Ontwikkeling het amptelik tot stand gekom op 1 September 1975 met die diensaanvaarding van die Adjunk-Direkteur, mnr H de Bruin, belas met beplanning en ontwikkeling. Sedertdien het die personeel in die Afdeling aangegroei tot ses voltydse lede en een of meer lede wat vir korter of langer periodes hierheen gesekondeer word.

Die doel van die Afdeling is om aan die Direkteur van Biblioteekdiens adviserende bystand te verleen t.o.v. die bestuur en aanbieding van 'n doeltreffende diens.

Die Afdeling was tot dusver betrokke by verskeie projekte waarvan die vernaamste die volgende is:

1. Die rekenarisering van die Biblioteekdiens is die vernaamste opdrag wat by hierdie Afdeling berus. Met die oog hierop is 'n oorsese studiereis reeds deur Mnr de Bruin meegemaak, interne ondersoeke is georganiseer en onderhandelinge is aangeknoop met die Universiteit se Rekenaarsentrum en die Administrasie se Afdeling vir Rekenaardienste.

2. Die verbetering van die fisiese fasiliteite by die verskillende takbiblioteke soos by Onderstepoort, die Buitemuurse Afdeling en die verskillende geneeskundige biblioteke.

3. Die spesiale ontsluitingsbehoeftes van verskeie Institute waaronder die Hans Snyckers-Instituut en die Instituut vir Chromatografie.

4. Die sentralisering van die Biblioteekdiens se versameling en die moontlike uitdunning daarvan. Buitemuurs se voorraad is uitgedun en na die hoofbiblioteek gebring asook die tien vakbiblioteke se voorraad wat na die hoofbiblioteek verskuif is.

5. Die beskerming van die voorraad. Die implementering van 'n verklikkerstelsel in die Biblioteek word in hierdie geval oorweeg.


---

The torch of learning is passed on but he who receives is, has to begin the race anew.
- G H Thompson

---

# 'n Nuwe baba

Vroeg hierdie maand aangekom, 190Kg. en mooi turkoois geklee. 'n Lang gekoesterde ideaal. Nou kan ons eindelik titels druk, sonder die probleem dat die pers te klein is. Hierdie nuwe baba is feitlik onbeperk wat wydte van boeke betref.



„My man het hierdie boekemuur ontwerp!"

---

# Dankie

Die redaksie van Biblikasie wil graag sy waardering uitspreek teenoor die volgende medewerkers vir hul samewerking om hierdie eerste uitgawe 'n werklikheid te maak.

Beplanning: Mej M Nortjé Bestelafd.: Mev A v d Watt
Bindery: Mnr C F Buys Landbou: Mej J du Preez
Toonbank, Interbibl., Kleingeld, Kelder, Africana en V.G. Mej M Pauw
Tydskrifte: Mej B C Maritz Buitemuurs: Mnr V E Hulme
Ontsluiting: Mej I Opperman Mev H Fourie
Sosiale komitee: Mev W Pitzer Musiek: Mev C Coertze
Mediese, Voorkliniese en Onderstepoortse Bibl.:Mnr P
Vakbibliotekarisse en assistente: Mej C Claassens
Tikster: Mev L Castelyn Fisiese Versorger: Mej W Shi

---

# Geen lui haar.....

Hier op die tweede verdieping is almal vol dinge
Laat ons van links na regs beginne.
Eers is dit Babs von Ehrenberg
Haar aandag word deur die teoloë geverg.
Dan Gerrit van Staden
Met boeke beladen.
En Annie praat net van volke en geld
Voorwaar 'n baie interessante veld.
Die opvoeding van ons jeug word behartig deur Christel
Ons hoop sy onthou om hulle ook te vel.
Die Vereniging, hipnose en frustrasie
Vul Annatjie se daaglikse uurglasie.
Vir Mathilda is dit klas, werk en Manie
Verder is daar nie veel wat haar pla nie.
Rita is baie dieselfde werd,
Verander net Manie na Bert.
Behalwe vir stemintonasies en argiewe
Sit Elsa ook nog met die bibliofiele se griewe.
En o ja, daar ver in die hoek
Sit Entia met haar thesaurusboek.
Daar is nog twee kollegas op die eerste vloer
Wat ook maar tussen die boeke moet boer.
Ria is gesout in die regte
'n Raadgeefster by alle gevegte.
Sy Audi is Tinus se lewe se lig,
Om meisies te „charm" is sy ander plig.
Dit is die somtotaal van ons mannekrag
Wag, laat ons loop, daar is werk wat wag.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Gesprek in die Kelder

„Juffrou (!) ek soek 'n proefskrif oor die aard van die ouderling se opsig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die invloed daarvan op lidmate in Pretoria."

„Weet u wie die skrywer is?"
„Ja, dis Johannes Jacobus van Biljon".
„Nou goed, kom ons kyk dit op in ons katalogus."

Die B-laatjie word oopgetrek en die kaartjies deurgekyk, toe kom dit oor dié juffrou se skouer met 'n ligte keelskoonmaak:

„Dis van Biljon".
„Ja, maar ons ignoreer die van."

'n Diepe frons: „O, begin julle dan sommer by die voornaam?"

# Die Sosiale Klub

Daar is baie gebeurlikhede wat met die Sosiale Klub meeding om die vrye tyd van die personeel. By die getroudes is dit die ander helftes, honde, kinders en katte. By die ongetroudes is dit slepe, motors, etes, bioskope en ... ag sommer alles! By almal saam is dit laaste maar beslis nie die minste nie; Haas Das en sy trawante. Te midde van alles sien sommige dan nog kans om te studeer. Dit is die rede waarom die Sosiale Klub onder hierdie „moeilike omstandighede" die funksies beperk tot een of twee onvergeetlike gebeurtenisse. Onder die onvergeetlike aande tel sekerlik die braaivleis by die proefplaas waarmee die jaar se sosiale aktiwiteite op 'n hoë noot begin is.

'n Weeklikse hoogtepunt onder die personeel is die verskaffing van koek op Woensdae. Daar word vertel dat sommige soms - veral in die winter - ontbyt oorslaan met die oog op wat wag.

Planne word tans beraam om 'n gesellliger atmosfeer in die teekamer te skep. Baie idees het soos mis voor die môreson verdwyn wanneer die verlangde materiale nie gevind kon word nie. Intussen hou ons duimvas dat die uiteindelike resultate min of meer in almal se smaak sal val.


Aan die einde van die maand, wanneer iemand die stoute skoene aantrek en weggaan,word daar gepoog om die lang gesig op te flikker met 'n koevertjie "brood op die waters".

Ten slotte, dit staan enige een vry om deur middel van sy spesifieke verteenwoordiger (dit is die persoon wat aan die begin van die maand die teegeld "soek") voorstelle te maak ten einde dinge vir ons almal aangenamer te maak.

# SABV

By die onlangse verkiesing van die Noord-Transvaalse tak van die SABV is die volgende personeellede van Merensky gekies om op die Takbestuur te dien: Mnr H de Bruin (Onder-Voorsitter), mev A J Korkie (Eresekretaresse) en mej E Coertze.

Prof E D Gerryts en mev Korkie is twee van die sewe lede wat gekies is om die Tak op die Raad van die SABV te verteenwoordig. Ons wil hulle almal graag hartlik gelukwens met die verkiesing.



Neem plaas Professor, die Merenskypersoneellede sit by die ronde tafel.

# ensovoorts...

## Katterigheid

Die „kat" by Landboubiblioteek

Mev Alet Fisher se kat Katriena het vir 'n jaar en 'n half gereeld saam met die studente klasse bygewoon en tussen klasse haar luilekke neergevlei op die katalogus.

Op 'n dag het een van die dosente, in die teekamer melding gemaak van „die kat in die biblioteek!" Toe hy verbaasde uitdrukkings bespeur, het hy gou gespesifiseer van watter kat hy praat.

Katriena verkies deesdae om tuis te bly en haar plek is ingeneem deur nege vissies.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Misverstand

Die skakelbord (alias die toonbank) ontvang op 'n dag die volgende oproep:


Die telefoon lui en word beantwoord.
"Merensky Biblioteek, goeie môre".
"Goeie môre, die Verloskunde Afdeling asseblief".
"Eeee ... is u seker dit is met iemand in die Biblioteek wat u wil praat?"
"Ja, sy het my gevra om uitbreiding 236 te skakel en vir die Verloskunde Afdeling te vra".
"Dame u bedoel nie dalk die Ontsluitingsafdeling nie?"
...:.. pandemonium.

# Soweto

Die onlangse gebeure in die Swart woongebiede het ook sy invloed in die Merensky-biblioteek laat geld toe ons die volgende teleksberig ontvang het: „Due to Soweto trouble there will be a delay in all post from Wits including the Putco bag hope to start again on Monday" 18.6.76.

# Studente leer lees?

In „Die Perdeby" van 18 Junie het daar 'n verblydende berig verskyn. 'n Kursus in studieverbeteringsmetodes en snellees gaan op die Tukkie-kampus aangebied word. Moontlik sal die kennisgewings in die Merensky-biblioteek voortaan ook snel gelees word!



„Lewenslange vriende!"

# 'n Nuwe personeellid

Mej Lynette de Kock was voorheen by die Departement van Vervoer werksaam maar is nou weer 'n volbloed Tukkie. Ons hoop jy voel gou tuis Lynette!

# Afskeid

In 'n groot biblioteek soos ons s'n is daar maar altyd die oomblikke van afskeid. Hulle koffers staan gepak en ons moet groet ......

Uit die Ontsluitingsafdeling verloor ons hierdie maand twee personeellede. Mej Susan Heiberg studeer nog voltyds en aangesien die einde van die jaar met al sy drukte en spanning nou vinnig naderkom, het Susan besluit om haar voltyds op die akademie toe te lê. Sterkte Susan ons hoop jy behaal sukses met die eksamen aan die einde van die jaar.

Mev Wilma Vos was werksaam in die Interbiblioteekleningafdeling en verhuis na Swaziland. Manlief Bert gaan by die Usutu Pulp Company werk. Die dorpie Mhlambanyati, waar hulle hul gaan vestig is maar vyftien myl suid van Mbabane geleë en Wilma het belowe om slaapplek gereed te hou vir almal wat wil kom kuier!

Mnr. Albert (Cokes!) en mev Sannie Geldenhuys vertrek na Pietersburg in Noord-Transvaal, waar hy aangestel is as Hoofbibliotekaris van die Openbare Biblioteek. Hartlik geluk! Na vier en 'n half jaar diens in die Merensky-biblioteek, o.a. by die toonbank, in die Bestelafdeling en tans in die Ontsluitingsafdeling, is Cokes 'n ou bekende in ons geledere. Sannie was vir twee en 'n half jaar 'n bekende by die toonbank en was dit nie vir die Merensky-biblioteek nie, het dié twee se paaie dalk nie gekruis nie. Ons allerbeste wense vergesel hulle na die hoofstad van die Noorde!

'n Yslike ramp het die derde verdieping getref - mev G M Viljoen gaan haar aandag nou voltyds aan haar kinders en haar tuin wy. Haar intieme kennis van Huishoudkunde was vir mej Ingrid Orban 'n riem onder die hart en mnr Jos Davies se rakke was nog nooit só netjies en skoon nie. Dit is nie net hulle wat u gaan mis nie mevrou!

Mej Mathilda van der Merwe word op 3 Julie mev Manie du Preez. Met hierdie groot dag in jou lewe wens ons almal jou baie geluk toe, Mathilda.

Mev E Kay was van Februarie vanjaar in die biblioteek te Onderstepoort werksaam. Met 'n Kaytjie oppad word haar plek ingeneem deur mev Francina de Villiers van die Mediese biblioteek.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Goeie raad

Op Vrydag, 11 Junie, voor half-agt die oggend het die eienares van OB 6502 reg voor die eienares van TP 70890 die parkeerterrein binnegery en ingedraai om op die „parkeerplek" van TP 220935 te parkeer.

Byna onmiddellik daarna besluit sy om liewer 'n ander stilhouplek te gaan soek. Die agterruit was vol dou en wasem en die uitsig na agter gevolglik belemmer. Wat was die eindresultaat? 'n Ingeduikte Volksie-modderskerm en twee wakker geskrikte Merensky personeellede.

Goeie raad is dus: Maak soggens u motor se agtervenster skoon en moenie agteruit ry as u vergeet het om dit te doen nie!



# Staatmakers

Die Merensky dames hou daarvan om musiek te maak. Toe die Orffvereniging van Pretoria hulp nodig gehad het, het hulle ingespring. Met Mejj Susna Hurn en Marietjie Pauw agter die sopraan xylofoon, mev Wilma Vos by die ratels en mev Gerda de Bruin by die simbale het hulle 'n "very excellent" as kommentaar gekry op Johannesburg se musiekfees.

Net so het mejj Annemarie Badenhorst, Ilse Pellissier en Ann van Zyl saam met Susna en Marietjie gehelp om Burgerspark se kerkkoor te versterk en die uitvoering van Jannasch se Te Deum 'n groot sukses te maak.

# Sokker

Diegene van die personeel wat van die parkeerterrein agter die Merensky-biblioteek gebruik maak, het seker al vir mnre Floris en Neels Venter gedurende etenstye op die L.O.-veld sien sokker speel.

Hulle verteenwoordig die Administrasie-sokkerspan en speel hoofsaaklik ligawedstryde teen die verskillende koshuise en departemente op die kampus. Uit die ses wedstryde gespeel vanjaar, is die onderspit slegs gedelf teen die huidige ligahouers, Onderstepoort.

Die kranige doelwagter, Neels en blitsige vleuel Floris, nooi alle belangstellendes uit om etenstye saam te kom draf.

# Wonderwerke

Die Voorgraadse Studieversameling se toonbank is 'n plek van wonders en tekens. Die gebruikers maak die tekens en die personeel sê dit is 'n wonder as hulle dit verstaan. So gereeld soos klokslag speel die volgende toneeltjie hom af:

Gebruiker: „Ek soek 'n boek maar ek glo nie julle kan my help nie;"
V.G.: „Laat ons probeer."
Gebruiker: „Ek dink hy is swart en met dik strepe ... en as ek dit nie mis het nie staan hy dàààr op die tweede rak.
V.G.: Wend 'n dapper poging aan om te soek en sê: „Ag, juffrou wil u nie asseblief vir ons die klasnommer in die katalogus soek nie?"
Gebruiker: „Wat! Ek wil nog vyf boeke hê en jy wil hê ek moet almal se nommers soek!"

# Suksesresep

Hoe om 'n suksesvolle en geliefde afdelingshoof te wees:

Moenie omgee as u werknemer laat kom vir werk nie verwelkom haar met 'n warme glimlag. Dit is goed vir personeelbetrekkinge.

'n Koppie stomende koffie op 'n koue oggend sal die herinnering aan 'n verebed dalk verdryf.

Moenie dadelik werk uitdeel nie gee haar kans om stadig bewus van haar omgewing te word.

Indien u werknemer so effentjies siekerig voel, stuur haar summier huis toe om haar enige moontlike lyding te spaar. Hospitaalgevalle kan u reputasie skaad.

'n Goue reël: Moet nooit verneem na gister se werk nie. Gedane sake het geen keer nie.

# om die teepot

Twee van ons ontsluitingspersoneellede was vir 'n rukkie weg met vakansie. Waar mej. Leonie Jacobs heerlik in die son gelê het op Umhlanga Rocks aan die Natalse kus, het hul hoof, mej Bettie Coertze, die gure wind en reën van Kaapstad trotseer. Sy vertel dat sy een dag kort na ontbyt ewe koulik en vies vir al die nattigheid, na haar hotelkamer terug is, waar sy die dag met 'n boek in die bed deurgebring het.

'n Langnaweek soos die owerhede dit toestaan, is glad nie lank genoeg vir dames wat agter toonbanke werk nie. Mejj Annemarie Badenhorst, Susna Hurn en Marietjie Pauw het met drie dae se verlof vir tien dae gaan uitspan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Van die tiksters het ook lus gevoel om 'n bietjie weg te breek en die lekker ou see by Durban op te soek. Mej Chrissie Potgieter het teen die einde van Meimaand vertrek. Toe sy blakend gesond en uitgerus teruggekom het, het mej Tersia Uys besluit dat sy 'n week vakansie nodig gehad het.

Met Chrissie se reis na Durban, het sy sommer gaan kyk hoe Ella Berg (nou mev van Staden) in haar bruidsgewaad gelyk het. Sy was pragtig.

Die Laeveld mag 'n mooi en interessante gebied wees om deur te reis, maar wees versigtig vir die terugkeer na die koue hoëveld. Ons wens mej Laetitia Jacobsz 'n spoedige herstel toe na haar vakansie in Oos Transvaal.

Opgrawings in die Bybellande? Wie sou mev Annatjie Korkie met argeologie vereenselwig? Ons wens haar 'n baie aangename en verrykende vakansie toe.

Sersant Lor verlaat ons binnekort om 'n paar weke al drillende gewig (?!) te verloor. Ons wens hom sterkte en minder dae as hare toe.

Mev Babs von Ehrenberg - hulle het 'n baie interessante reisplan vir hul Europese vakansie: In Switzerland gaan hulle die skoonfamilie besoek; In Wenen gaan hulle kyk of die Donou werklik blou is. Dan kom Duitsland aan die beurt (Pasop vir te veel lekker bier!) Ter afsluiting van hulle reis gaan hul na die land van die fjords en die middernagson. Ons wens hulle 'n baie mooi en genotvolle vakansie toe.

Voel u nie ook lus vir rondry nie? Mnr Rudi Schwartz (van Buitemuurs) bied enige iemand 'n geleentheid om saam te ry na Koster. Hy ry elke naweek. Hy kan ongelukkig nie huisvesting verskaf nie, aangesien hy slegs (?) daar kuier ......

Op die tuisfront sê mnr du Toit dat hy hom (in Villieria) in 'n "probleemarea" bevind. Sy televisiestel "sneeu" glo voortdurend.

Mev Cora Moolman is glo moeg vir proteïndiëte. Maar waar sal Louis anders sy kragte bymekaar kry vir die proewe?

Raai-raai waarom loop mev van Zyl en mej Nortjié na sommige middagpouses met sulke mooi rooi wange rond? - Gaan loer net bietjie by die ten volle gelisensieërde "Meat 'n Eat" in vir die antwoord!

Mev Mercia Neitz van Buitemuurs (vroeër van Medies) het vroeg vanjaar finaal aan die woonstellewe totsiens gesê. In die Neitzhuis, leef daar nou twee mense, twee Duitse herdershonde, sewe katte en twee parakiete.

Ons verneem dat mnr Rolf Tönsing nou die dag werk toe gedwing is! As bedagsame eggenoot wou hy met die wasgoed help, daar sy vrou en dogtertjie albei siek was. Daar was egter nie vir hulle almal saam met al die borrelende skuimbolle plek nie.

Mev Pierie Carstens, vorige afdelingshoof van die aanskaf afdeling, het op 5 Junie 'n dogter ryker geword. Ons wil dr. en mev Carstens alles van die beste toewens en vertrou dat hierdie mensie vir hulle groot vreugde sal bring.

Mnr Jos Davies se vaak kan nie aan verveeldheid of druk akademie toegeskryf word nie. 'n Naglewe met meisies, bottels en drinkgoed verrinneweer die man. Ons wil vir Jos en Ronel hartlik gelukwens met klein Trudie. Mag hierdie twee meisies vir hom ook 'n inspirasie bly deur heel sy lewe.

Een van die aangenaamste dinge wat 'n mens seker kan tref, is om iets met 'n kompetisie te wen. Mev Elsa Coertze het op die afgelope Randse Skou 'n pragtige groot staanhorlosie gewen.

Mnr Peet van der Merwe het sowaar die filmregte op sy nuwe boek geweier. Geld is nie die probleem nie. As hulle nie vir Zaza Vorster die hoofrol gee nie, is hy nie bereid om voor hulle te swig nie. Slegs 'n student met 'n honneursgraad in Afrikaans, sal genoeg insig hê om so 'n rol te kan vertolk.

Wil u weet hoe laat dit is? Vra vir oom Rassie Erasmus van die Bindery. Hy kontroleer sy horlosie gereeld met die toringhorlosie van die Ooskerk as hy vroeg soggens sy wandeling daarheen neem, en nog steeds betyds is vir die werk.

## laat berigte

Biblikasie het sy eerste tree gegee! Ons hartlike gelukwense gaan aan Mej Anna-Marie Badenhorst wat vir die naamgee gesorg het.

Daar is goeie nuus vir diegene wat op hoogte van sake wil bly. In die studenteleeskamer van die Merenskybiblioteek sal daar voortaan 'n verskeidenheid nuusblaaie aangetref word.

Mej Riëte Krahtz van die Aanskafafdeling is vanaf 1 Julie oorgeplaas na die Mediese Biblioteek van die H.F. Verwoerdhospitaal. Mev Elna du Plessis sal haar pligte oorneem. Mej Valerie Snodgrass is verkies as die Aanskafafdeling se nuwe verteenwoordigster op die Sosiale Klub.


Mej Manda Mörsner werk steeds „ondergronds" maar is nou in die Ontsluitingsafdeling werksaam.

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Julie 1976

ONS STREWE ..... KONFLIK EN VERSOENING


Indien die waarde van U.P. se biblioteekmateriaal in rand en sent uitgedruk moet word, het ons met 'n astronomiese bedrag te doen. Die wete dat hierdie geweldige kapitale uitleg aan u en my sorg toevertrou is, laat ons klein voel. Die besef van die groot verantwoordelikheid op ons skouers verhoog die eise wat elkeen van ons aan onsself stel. Tog mag ons juis daardeur ervaar dat twee aspekte van ons strewe in 'n konfliksituasie verkeer.

Enersyds, moet ons die behoud en veilige bewaring van die waardevolle inligtingsmateriaal aan ons toevertrou, verseker. Andersyds, streef ons daarna om die optimale gebruik daarvan te bewerkstellig en skep ons die risiko om juis daardeur ons strewe na behoud en bewaring self te verongeluk. Is hier dan inderdaad sprake van twee onversoenbare elemente in ons strewe?

Dit is beslis ons taak om toe te sien dat biblioteekmateriaal die gebou nie wederregtelik verlaat nie. Desnieteenstaande moet ons versigtig wees dat ons nie met die oog op die beveiliging van ons biblioteekmateriaal soveel maatreëls tref dat ons as't ware 'n versperring tussen biblioteekmateriaal en gebruiker opwerp nie. Ons moet versigtig wees dat die toegewyde biblioteekgebruiker nie aan die pen ry vir die dade van skuldiges wat nog steeds skotvry gaan nie!


Dit moet vir u en my dus ook gaan om die gebruiker as mens. Ten spyte van ons affiniteit en verantwoordelikheid jeens die "boek" gaan dit per slot van sake om die boek vir die mens. As u dít aanvaar, moet ek u onmiddellik vra: Hoe vergelyk u mensekennis met u boekekennis? Moet u in elke persoon wat die biblioteek binnestap 'n bedreiging vir die kosbare biblioteekmateriaal sien, of sien u in die gebruiker die geleentheid om die biblioteekrykdom vir iemand van waarde te laat wees?

In die lig daarvan durf die tassedepot nie vir die gebruiker tot 'n bron van tou-staan-frustrasie ontwikkel nie. Die oopstelling van die grondvloer tot tasarea is 'n mosie van vertroue in die biblioteekgebruiker as mens en die reëling is getref ten spyte van die besef dat ons ook te doen het met 'n bedorwe minderheidsgroep wat deur diefstal en bedrog hier en oral hulle medemens en medebiblioteekgebruiker te na kom.



Ons pleidooi om 'n verklikkerstelsel te installeer moet teen hierdie agtergrond gesien word en ons is die universiteitsowerheid innig dankbaar vir die goedkeuring daarvan. Dit stel ons in staat om die potensiële konflik tussen bewaring en gebruik finaal uit te skakel en ons professionele verantwoordelikheid jeens universiteitsowerheid en die eerlike en toegewyde gebruiker bly dus ons heerlike uitdaging en strewe.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# terloops...

JORIS EN DIE TESOURUS

deur P J Lor

Eendag was Joris op pad na Potchefstroom. Deur die wuiwende mielielande het hy gery op sy troue skimmel, Katalogus, uitgevat in sy kollasie, met sy skerp signatuur aan sy sy. Hy het regtig baie oulik gelyk.

Na 'n rukkie kom Joris by 'n digte woud. Daar gewaar hy 'n kennisgewing langs die pad: "Beware of the Thesaurus" staan daarop geskryf. Joris se Engels was nie so goed nie, dus het hy geen ag hierop geslaan nie en rustig voort gery. Dit was donker in die woud. Weerskante van die pad het hoë dichotomieë en isolate gestaan, berank met indelingsgrondslae en fases. Onder die bome was daar 'n digte boskasie van kategorieë en geen vlinder of voëltjie was daar te sien nie.

Eensklaps hoor Joris 'n vreeslike gedreun en gebrul. Hy hoor takke kraak. Die grond tril onder Katalogus se hoewe. Hoog bokant die lawaai styg daar uit die angskrete van 'n dame in nood.

"Genugtig, Katalogus", sê Joris, "ek hoor die angskrete van 'n dame in nood!" En sonder om verder woorde te verspil, sit hy en Katalogus af in die rigting van die lawaai. Hulle kom nader. Die lawaai word al luider. Joris spoor sy troue skimmel.

Subklasse slaan hom in die gesig soos hy verbysnel deur die kreupelwoud, en kruisverwysings krap hom, maar hy beur met alle krag vorentoe deur die digte literatuur.

Eensklaps is hulle daar.

(word vervolg)




"Wie kan FORTRAN praat?!"

Hoe ouer ons word, hoe kosbaarder en onontbeerliker word die vriendskap van boeke.

Dis eers in die ryper jare dat ons skyn van werklikheid begin onderskei, dat ons begryp hoeveel van die sinvolle dinge van die lewe in ons jeug by ons verbygewaai het en vir altyd verlore sou gewees het indien verstandiger geeste dit nie tussen die omslae van boeke vir ons bewaar het nie.

"Ek glo" - Gerhard Beukes

# geagte redaksie

Geagte redaksie

Hier in die Merenskybiblioteek is die oorgrote meerderheid van die personeel dames maar wat sou ons tog doen sonder die handige mansmense van die bindery.

Ons by die Voorgraadse Studieversameling wil mnr Willie Porter en sy helpers van harte bedank vir hulle hulp om ons organisasie hier makliker te maak. Ons spog met twee pragtige nuwe kassies waarin ons die lenerskaarte alfabeties rangskik en die feit dat die V.G.-personeel nou óm die rakke kan loop verlig baie frustrasies!

Voorgraadse Studieversameling

Geagte redaksie

Ons drie by die Vóórkliniese Biblioteek wil die redaksie van Biblikasie van harte geluk wens met die puik eerste uitgawe van die nuusblad. Waar ons geografies van die hoofkampus verwyder is en slegs telefonies met ons kollegas skakel, kan ons nou d.m.v. Biblikasie nader kennis maak met die stemme oor die telefoon.

Voorkliniese Biblioteek

Baie dankie vir julle gelukwense. Julle onderskryf ook ons doelstelling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# van die buiteposte

## Landbounuus

Hier op die oostelike kampus het daar tydens die halfjaarlikse eksamen groot akademiese drukte geheers. Die tweede Xerox 3100 het net betyds gearriveer sodat die studente nie meer tou staan nie. Veral na die vakansie sal die stormloop groot wees wanneer almal seminare begin uitwerk.

Hier by Landbou kan ons nou nie meer kla van die koue nie, want die twee blou matte vanaf die ou Merenskybiblioteek verleen kleur en warmte aan die biblioteek.

## Uit die middestad

En skielik bevind die Macfadyenbiblioteek hom ook op die vernuwingslys. Dit beteken hierdie maand 'n heen-en-weer hasejag om voor mnr Willie Badenhorst van die Tegniese Departement en sy span rakafbrekers weg te bly.

"Auk, my baas, ons wêrk!" hyg ou Edward.

En ons kyk na die plan en ons wonder wat gaan kom.

Mnr Theophilus du Toit het reeds oorproppies vir die breekslag van die plafon aangeskaf.

Daar kom 'n tyd wanneer 'n mens moet afskeid neem en soms is dit swaar. Die grys staal wenteltrap het homself stadig maar seker deel van Buitemuurs laat word. Onwillekeurig laat dit 'n mens aan die menige blosende meisies dink wat hul rokkies vasgryp en voetjie-vir-voetjie opskuifel, maar ongelukkig ook aan die baie baadjiesakke wat hy in die slag laat bly het. 'n Boukunde student het ons R10 vir hom aangebied .....

En dan was daar een wintersoggend die petalje van die toe biblioteek sonder sleutels ..... maar daaroor mag ons nie praat nie.


Ja, ons het gesê dat Xerox die Tweede veilig hier aangekom het, maar twee masjiene beteken nie noodwendig dat daar altyd een is wat werk nie. Ag, waarom kan Rank Xerox nie fotostaatmasjiene maak net soos Volkswagen Kewers bou nie?

So tussen die trap en die vloer (en baie lawaai) groet ons drie mans en een dame uit 'n besige middestad.

## Voorklinies

Die verskillende takbiblioteke staan almal in die teken van uitbreiding en veranderings. Ook by die Vóórkliniese Biblioteek het die gebrek aan ruimte uitbreiding genoodsaak. Bykomende ruimte gaan verkry word deur die kelderverdieping, wat tans die studente se ontspanningsaal is, met die biblioteek te verbind deur middel van 'n trap wat aan die buitekant aangebou gaan word.

Vir die personeel en studente van hierdie biblioteek het daar 'n salige stilte aangebreek. Die kopieermasjiene, wat letterlike en figuurlike "kopsere" veroorsaak het, is reeds uit die voorportaal van die B.M.W.-gebou uitgeskuif. Dié stilte sal seker wreed versteur word as daar eersdaags met die uitbreidingswerk begin word!



Onderstepoort 2 Julie 1976
Piet Lor hou daarvan om rakseksies te monteer.

## Onderstepoort

Sedert verlede jaar toe daar goedkeuring verleen is vir die opknapping en verfraaiing van die biblioteek te Onderstepoort, is daar met groot verwagting daarna uitgesien. Ons is bly die dag het aangebreek dat die planne wat ons so sorgvuldig bestudeer het, uiteindelik in 'n werklikheid omskep word.

Die biblioteek moes op kort kennisgewing ontruim word, maar danksy die hulp van mnre Lor, De Kock en Porter het alles gou en vlot verloop.

Die bouery is reeds in volle swang en ons hoop dat, binnekort, ons "stal" met tapyte en gordyne bekleed, die aansig van 'n moderne goed-toegeruste biblioteek sal hê.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# wat gebeur waar?

## Stilte na die storm

Gedurende die week voordat die wintervakansie aangebreek het, het die Uitleenafdeling 'n ongekende stormloop belewe. Die regulasies bepaal dat alle personeel hulle biblioteekboeke voor of op 30 Junie moet hernuwe. Pligsgetrou het die personeel hulle boeke aangery en aangedra.

Ywerige studente wat gou nog boeke wou kom uitneem voordat hulle met "studieverlof" gaan, het die dames by die toonbank laat bontstaan om almal te bedien. Heel gou het die onttrekkings die vorm van 'n miniatuur bergie begin aanneem.

Die baie vriendelike hulp van dames uit verskillende afdelings het egter gou hierdie nagmerrie tot 'n droom omskep en kon die toonbankpersoneel toe ook oorskakel na tweede versnelling. Hulle sien nou weer kans om die stormloop van die tweede semester af te weer.

## Blouboeke

"Mevrou," sê die jong man, "wat is hier alles in die Kelder, behalwe tydskrifte?"

"Proefskrifte, oorseese tesisse, VVO-publikasies, blouboeke ....."

"Blouboeke!!" En toe, met 'n gretige glimlag, "Waar staan hulle?"

Sy beduie, "O, daar àgter in die hoek".

"Kom wys my asseblief," sê hy dringend.

Die assistente is dronkgeslaan oor die entoesiasme vir die kraakdroë (letterlik) versameling, maar begelei die ywerige student na die rakke.

Hy stap met lang treë en sê in 'n soort fluisterstem, "Niemand weet seker hulle is hier nie?"

"Nee", gee sy toe, "baie min weet".

"Hulle kan seker ook nie uitgeneem word nie?"

"Nee, nie juis nie. Wel, hier is hulle".

Ongelowig kyk hy na die stowwerige, toiingrige boekdele en sy mond verslap.


"Blou - blouboeke?" hakkel hy.


Skielik verstaan die assistente en kan 'n glimlag nie onderdruk nie.

"Meneer, as jy dalk blou films in gedagte gehad het, is jy by die verkeerde afdeling."

## ABC

Die Tydskrifte-afdeling vra om verskoning aan diegene wat gedurende die afgelope weke 'n koel ontvangs in die Afdeling gehad het. Hulle stel met verligting bekend dat die oorskakeling na alfabetiese kardekse voltooi is. Soms het hulle met die hande in die hare gesit oor die wispelturige alfabet, maar die nuwe stelsel het hulle nou sô op datum dat hulle skaars besig bly!




## Kennisgewing

Die regeringspublikasies van die Bantoetuislande wat tot nog toe in die kelder was, is oorgeplaas na die tweede verdieping by Ekomie en Staatswetenskappe.

Die ander regeringspublikasies (soos Command Papers, Gekose Komitee-verslae, Provinsiale publikasies) wat ook in die kelder was, is nou in Africana.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Lam in die knieë!

Tog eienaardig hoe mens aan sekere geluide wen en dit deel van jou bestaan word, soos bv. die klank van mej Bettie Coertze se optimistiese, doelgerigte treetjies deur die Ontsluitingsafdeling. Maar sou hierdie afdelingshoof die dag onverwags 'n paar skoene met sagte hakke aanhê en ongemerk beweeg, dan hoor sy kreungeluide aan oor die pakke kaartjies wat wag vir insortering ..... Maar wag, ons laat die steun aan die aantieke kataloguskabinet oor.

Volgens mnr Willie Porter is die kataloguskabinet geleidelik besig om te sak. Genoemde kabinet gaan sit nou op sy knieë vanweë vragte kaartjies op moeilik beweegbare spiese. Vandaar die enkele laaitjies wat sô vassit dat mens vastrap, agteroorhang en trek vir die oopmaakslag en weer jou hele gewig daarteen gooi vir die toemaakslag. Die biblioteekowerhede kan daaraan dink om die bywoon van fiksheidsklasse verpligtend te maak vir die personeel van die Ontsluitingsafdeling en wat van 'n klousule in ons diensvoorwaardes, anders sal ons nôôit die pyp rook nie.

Op insorteerdae lyk dit soos 'n bynes rondom die kataloguskabinette en maak ons die personeel en biblioteekgebruikers op die grondvloer seker wanhopig as ons die kabinet so toestaan. Blykbaar skep dit die indruk van 'n hele omwenteling, sodat 'n ywerige vakansie-biblioteekgebruiker een oggend ewe ernstig verneem of ons weer besig is om te trek .....! Nee meneer, die volgende trek is na die rekenaar en dan trek ons kaartjies uit!



Die Ontsluiters na ure se sweet by die insortering van kaartjies in die katalogus.

# Die Sosiale Klub

Die pragtige "nuwe" teekamer van die Merenskybiblioteek het sy voorkoms te danke aan die laat nagtelike ywer van die Sosiale Klub. Seer voete, min geld, dae van soek en nog baie soortgelyke probleme wou kort-kort die poging tot verfraaiing van die teekamer kortwiek.

Uiteindelik is geskikte materiaal teen 'n redelike prys gevind. Die dames het self die maak van die gordyne en tafeldoekies onderneem. Vrolike blompotjies met bypassende asbakkies dra verder by om 'n vrolike atmosfeer te skep.

Warm aandetes het 'n werklikheid geword toe 'n oond sy verskyning in die kombuis gemaak het. Dit was sommer op 'n Vrydag "koekdag" toe die oond op 'n feestelike wyse met warm vleisrolletjies ingewy is.

Die redaksie verwelkom almal terug wat gedurende die vakansie ook 'n bietjie gaan uitspan het. Met die battery weer gelaai kan dit nie anders as om goed te gaan nie!

In 'n restaurant:

"Menus we don't serve.
You want to read,
go to a library."

Uit: Spalding se Encyclopedia of Jewish humor

# om die teepot

Mnr en mev Cokes Geldenhuys het ons aan die einde van Junie verlaat. Na die aanvanklike oponthoud met die vervoer van hulle meubels het die veelkleurige woonstel wat hulle ingewag het, hulle nie aangestaan nie. Cokes het vinnig 'n ander woonstel georganiseer en met elke ding op sy plek verneem ons dat altwee al goed ingeburger is in hulle nuwe omgewing.

Meer mense het die Merensky verlaat, maar gelukkig net vir 'n vakansie.


Mnr Piet de Kock het 'n bietjie gaan uitspan op Nelspruit, waar hy selfs soms lemoensap (?) gedrink het vir sy gesondheid.
Ons is baie bly dat Piet weer gesond en terug is by ons. Ons hou duim vas vir die "Destination" vasvra program!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mnr Henk de Bruin het 'n bedrywige vakansie agter die rug waarin hy sy referaat vir die komende konferensie in Port Elizabeth voorberei het.
Ons vertrou dat hy die hele rekenariseringstelsel van biblioteke so goed sal uitpluis, dat Merensky die "ideale stelsel" in gebruik sal neem.

Vir mej Annatjie Momberg bring vakansie 'n weer sluimerende emosies na vore. Sy is nou meer as ooit daarvan oortuig dat sy 'n volbloed Kapenaar is. Haar onlangse besoek aan Stellenbosch en die prag oorwinning van die W.P. oor die All Blacks, het finaal die deurslag gegee.
Dit lyk darem asof die Transvaal nog steeds 'n sterk bekoring vir haar inhou. Nog skaars terug by die werk, of sy swig voor die roepstem van die Oos Transvaal waar sy 'n paar dae in die Wildtuin gaan rus het.



Die kuns om iemand met grasie te ontslaan.

Te midde van al die skommeling wat by die MacFadyenbiblioteek aan die orde van die dag is, het mnr Victor Hulme ook besluit om 'n (drastiese?) verandering in sy persoonlike lewe te maak. Hy het hom verloof aan mej Rienie Uys, 'n baie oulike Maatskaplike werkster. Hulle trou die einde van November.
Is daar nog mense op soek na winskopies? Vra raad by Victor. Hy maak op die oomblik 'n grondige studie daarvan.

Het u gewonder wie die nuwe dame is wat haarself so graag agter 'n muur van boeke verskans by die I.B.L.-toonbank? Sy is 'n ou bekende: mev Gerda de Bruin, maar die bril is splinternuut.

Mnr Piet de Kock implimenteer nou nie net die verskillende beplanningsprojekte in mnr Duminy se afdeling nie, maar ook 'n polaroid kamera vir die Biblikasie foto's.

Gedurende die rustiger tyd in die diskoteek, het mev Cecile Coertze en mej Laetitia Jacobsz 'n kansie gekry om 'n bietjie te gesels. Hulle het tot die besef gekom dat hulle glad nie so fiks is as wat hulle behoort te wees nie. Albei is nou lede van die Tukkies tennisklub en daar word gereeld na werk geoefen.

Die opgewondenheid oor die Rothmans July perderesies is selfs in die Merensky beleef. Mejj Tertia en Irene Opperman het Jamaican Music as 'n wenner aangewys. Was hulle nie gelukkig nie?

Mev Emmie Lombaard wat by Ontsluiting werksaam was, het Saterdag, 10 Julie 'n dogterjie ryker geword. Baie geluk!

Mej Jeanette Erasmus is die trotse besitter van 'n rybewys ten spyte van die feit dat sy oor 'n stopstraat gejaag het tydens die toetsing.

## Welkom....totsiens

Die personeel van die Merenskybiblioteek word vanaf 1 Augustus aangevul deur mej S M Schoeman. Sy sal in die Ontsluitingsafdeling en mev B A Matzoupolos, sal in die Bestelafdeling werksaam wees. Die manlike geledere word versterk deur mnr G J Potgieter. Mnr Potgieter sal waarskynlik die dames by die Uitleenafdeling bystaan. Welkom by ons! Ons hoop julle sal sommer gou tuis voel.

Met die hoop dat hulle reeds ingeburger is wil Biblikasie darem ook die volgende persone welkom heet: Mnr Hendrik Bosman of Bossie, soos hy in die wandel bekend staan, beman die Voorgraadse Studieversameling. As Studenteraadsvoorsitter dien hy die studentegemeenskap in die ware sin van die woord! Ons wens jou alle sukses met jou studies toe.

Op die tweede verdieping, tussen die Geesteswetenskaplike werke sal mnr Hurter van Breda aangetref word. Hurter is nie 'n onbekende in ons biblioteekkring nie want hy het voorheen reeds in die Macfadyenbiblioteek gewerk.

Mev Rinie Viljoen het vir twee jaar in Unisa se biblioteek gewerk. Nadat sy 'n draai by Nasionale Opvoeding gemaak het, staan sy nou ons Ontsluiters by

Alhoewel nie nuut op die personeel nie, wil ons almal vir mnr Hein Heyman gelukwens met sy "verhoging' Hy is vanaf 1 Julie in die afdeling, Beplanning en Ontwikkeling werksaam. Terselfdertyd is afskeid geneem van mev Manda Lang wat nou in die Ontsluitingsafdeling is.

Die Uitleenafdeling mis die stralende gesiggie van mej Annemarie Badenhorst by die toonbank. Gelukkig het sy nie te ver weggegaan nie. Interbiblioteeklenings is gelukkig om vir Annemarie onder hul geledere te tel. Ons wens haar alles van die beste toe in die nuwe afdeling.

Dit is met weemoed dat ons moet afskeid neem van mej Elizabeth Winklé. Alhoewel Elizabeth net nege maande by ons gewerk het was sy gou by almal bekend en gewild. Sy het vanaf 1 Augustus 'n pos aanvaar in die biblioteek van Fort Hare universiteit te Umtata. Ons beste wense vergesel jou, Elizabeth.

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# fotoblad

## totsiens




Mej Elizabeth Winklé, Africana

# nuwe personeel



Mnr Hendrik Bosman,
V.G.-versameling



Mnr Hurter van Breda,
Geesteswetenskappe




Mev B A Matzou-
polos - Bestel-
afdeling



Mej S M Schoe-
man - Ontsluit-
ingsafdeling




Mev Rinie Viljoen, Ontsluitings-
afdeling



Die Merenskybiblioteek se "nuwe"
teekamer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Aug. 1976

# ons strewe na vryheid

Met die koms van die lente voel u 'n tintelende opgewondenheid en ervaar u opnuut die begeerte om voluit te kan lewe en te geniet - om volkome vry en ongebonde te kan wees. Die vraag is hoe lyk hierdie vryheid en ongebondenheid wat werklike vreugde aan ons bied. Kan ek in professionele werksverband ook 'n vryheid verwerf wat my voluit sal laat lewe en dien? Ja, maar dan vind ek 'n interessante paradoks: My eie professionele vryheid is afhanklik van 'n eie professionele gebondenheid.

Baie van u staan nou voor die uitdaging om die biblioteekkundige kennis wat u verwerf het nou in beroepsverband toe te pas. Soos by die geneeskundige, regsgeleerde e.a. word daar tereg ook by u as biblioteekkundige gesoek na 'n professionele pligsgevoel of verantwoordelikheid. As u daarin geslaag het om 'n goeie begrip van sowel die geestelik-filosofiese as die praktiese sy van ons beroep te verwerf, is u handelinge spontaankorrek en getuig dit wat u in die praktyk doen van 'n ongeforseerde en logiese professionele oordeelsvermoë. Dit bring mee dat u dikwels van u gebruikers of selfs van u biblioteekhoof veel lof en waardering ontvang. Tog is dit so dat u gebruiker se lof voortspruit uit 'n waardering vir wat u wel vir hom gedoen het maar eweneens ook uit sy onkunde ten opsigte van wat u nog verder vir hom kon of behoort te gedoen het. U hoof is onbewus van u versuim om in die kleine, die onopsigtelike en die minder skouspelagtige getrou te wees en wens u geluk op grond van u enkele, maar duidelik waarneembare, prestasies wat u lewer.

Wat probeer ek vir u sê? Net dit: die beoordeling van en waardering vir u professionele dienslewering is gegrond op dit wat ander kan waarneem. Dit is egter helaas 'n gebrekkige maatstaf. Trouens, juis dit wat verborge bly, mag by 'n finale beoordeling die swaarste weeg. Laat ons waardeer en kritiseer, maar laat ons eweneens steeds rekening hou met die onbetroubaarheid van die maatstaf waarmee ons die prestasie van ander meet. Die belangrikste mag vir ons verborge gebly het - hetsy stiptelike pligsvervulling of skandelike pligsversuim.

Die finale oordeel vir die gehalte van ons professionele optrede en werk word in die eerste plek gefel deur ons eie professionele gewete. Namate my professionele pligsgevoel en verantwoordelikheid ontwikkel, weet ek of ek ten spyte van die lof en waardering wat ek ontvang nog steeds voor my eie professionele gewete skuldig staan. Die lof en waardering wat ek inoes, kry dus eers betekenis nadat my eie professionele gewete uitspraak gelewer het. Hierdie uitspraak bepaal my professionele vryheid en word volkome vryheid eers moontlik na verwerwing van 'n strenge verantwoordelikheid sin.

En dan besef ek en u - die prosedure, handleiding en reglement wat werklik tel, dra ek in myself.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS




"Ek is jammer Meneer, ek het vanoggend my slaappil met my energiepil verwar."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# terloops...

JORIS EN DIE TESOURUS

deur P J Lor

Wat vooraf gebeur het: Joris op sy troue skimmel, Katalogus, is onderweg na Potchefstroom. In die digte woud wat hulle moet deur, slaan hy geen ag op die waarskuwing "Beware of the Thesaurus" nie. Feitlik onmiddellik daarna bars pandemonium los toe 'n dame se angskrete hoorbaar word bo 'n oorverdowende gedreun en gebrul. Hy sit hom dapper teë teen die aanslae van subklasse, kruisverwysings en digte literatuur. Toe eensklaps is hulle daar ...

Lees nou verder:

Voor hulle staan 'n kollossale tesourus, seker maklik ses meter lank van sy neusgate tot die puntjie van sy stert. Sy huid is bedek met irrelevante deskriptore en rolindikatore. Soos hy woedend brul, blaas hy digte wolke kwasi-sinonieme by sy neusgate uit. Driftig swaai hy sy stert heen en weer en skeur hy met sy kloue kluite en graspolle uit die grond. Agter die tesourus, van kop tot tone aan 'n boom vasgebind met skakelverwysings, is die dame wie se angskrete Joris vaneffe gehoor het. Ten spyte van die wolke kwasi-sinonieme wat die tesourus uitblaas en die graspolle en kluite wat hy opskop, kan Joris sien dat sy beeldskoon is.

"Help my tog", smeek die beeldskone jong dame, "hierdie wrede tesourus het my gevange geneem en hy wil my verslind!"
"Toemaar", sê Joris paraat, "ek sal jou ontsluit."

Die tesourus tril van woede. Hy blaas hom op. Sy rolindikatore skud. Die grond sidder onder hom.

Katalogus runnik. Joris gryp sy signatuur en met één kragtige hou sny hy die tesourus se hoofwoord af. Die tesourus steier en stort ineen. 'n Laaste stuiptrekking en alles is verby. Stadig sak die stof. Teder ontsluit Joris die beeldskone jong dame. Hy loop om en om die boom met die skakelverwysings tot sy heeltemal los is.
"My naam is Joris".
"My inskrywing is onder VAN RENSBURG, Maria Magdalene Janse 1956 -. Jy kan my maar Daleen noem" sê sy impulsief.

Daleen, so verneem Joris, het op Potch bibkunde geswot en sy was juis op pad na Pretoria om in 'n biblioteek te gaan werk, toe die tesourus haar gevang het. Nou kan sy haar reis voortsit en haar professie gaan beoefen.

Maar Joris besluit anders.
Daleen het sy bruid geword, en mettertyd het hulle 'n hele aantal newe-inskrywings ryker geword. Af en toe het Katalogus hulle baie versigtig op sy rug gedra.

(Slot)

# van die buiteposte

Die personeel van die fakulteitsbiblioteek Onderstepoort het uiteindelik teruggetrek in 'n „splinternuwe" biblioteek.

Matte, gordyne en 'n mooi nuwe toonbank was onder andere die bron van hulle toenemende opgewondenheid en ongeduld om terug te trek.


Dit was nie omdat hulle ongelukkig was in die Soötegnologielaboratorium waar hulle tydelik onderdag gevind het nie. So tussen die boeke en tydskrifte deur het hulle hondjies en boklammetjies help grootmaak. Beslis 'n veeartsenykundige atmosfeer waarin hulle hul bevind het. Maar om in 'n nuwe biblioteek in te trek! Daarvoor kon hulle nie wag nie.

Op 'n paar items na is alles in die biblioteek voltooi. Dit lyk of die gebruikers ook beïndruk is met die nuwe fasiliteite.

Is dit blote toeval of van uitputting dat mej Erasmus vir 10 dae Laeveld toe is met vakansie?

Van die Oos kampus verneem ons dat mej Jeanetta du Preez en mev Alet Fisher van die begin van hierdie semester net moet bontstaan om die landbouers te help met die skryf van hulle oorvloed seminare. Daar is vanjaar 299 ingeskrewe studente by landbou, waarvan 33 dames is. Die afgelope 5 jaar was daar 'n toename in die getal dames terwyl daar 'n afname in mansstudente is.

Die uitgrawings agter die kliniese gebou by die H.F. Verwoerd-hospitaal waar die nuwe mediese biblioteek gehuisves gaan word, vorder fluks.



"Ek hoop daar is iets ouliks op die televisie vandag, skat."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Uit die middestad

Buitemuurs kry toe 'n nuwe bruin ketel, met 'n fluitjie. En sommer ook 'n kombuis en teekamer daarby. En sö is die dae van die Macfadyen se kommunistiese eetkamer getel.


Intussen is ons druk besig om die katalogus en tydskrifte te kontroleer.

Die katalogus word tot 'n alleenlik Buitemuurse indeks-uitgedun, wat ten gevolge sal hê dat die vyf eenhede deur slegs een of twee vervang sal kan word.

Al die ongebruikte en afgeslote tydskrifte is geïdentifiseer en tans in 'n proses van oorplasing na die Merensky. Sterkte aan die Tydskrifte Afdeling! Ons hoop dat 'n goeie, dinamiese versameling die uiteinde sal wees.

Aangesien die nuwe toonbank en trap nog in aanbou is, lyk die rooi „omseilde" gat in die plafon, wanneer die ligte saans daardeur skyn, baie twyfelagtig. Die opmerkings laat ons liewer maar .....

Op so 'n bedenklike toon groet ons uit die middestad.



Joris soek 'n boek.
"Vergeet die boek, ek soek die uitgang!"

# wat gebeur waar?

## Stof tot nadenke

Geluk weereens aan mnr Piet de Kock wat gekwalifiseer het vir die eindrondte van TV-Destination. Voorspoed verder!

Mnr de Kock is die grootbaas vir die beplanning van die super-kelder van die toekoms. Die grootste gedeelte van sy tyd bestee hy dan ook tussen die rakke in die kelder. Dis geheel-an-al onnodig vir enigiemand om te vra of hy êrens op die vloer is, want wanneer jy by die trappe afkom, ruik jy hom of jy ruik hom nie, en wêêt dan. Ons praat nou natuurlik van die ryke aroma van sy sigare.

Die Kelder-personeel het geen privaatheid meer nie - helaas! Byna daagliks krioel dit van helpers met nie dié groot trek nie, maar 2, 3, 4 groot trekke. Presies net soos die gerammel van die waens met die ongelukkige slagoffers van die rewolusie destyds deur die strate van Parys, ratel die karretjies nou met (en erger, sönder) vragte deur die kelder. Temidde van die remoer en stofwolke het mev Geraldine Wilkes ons opgebeur met 'n Black Minstrel Show. Want waar boeke leef, sal daar altyd stof wees - gesonde, eerlike swart stof wat dié neiging het om veral aan hande te kleef. Dié onrustigheid is nou al so lank aan die orde van die dag dat die kelder se normale inwoners sonder twyfel sal kwyn die dag as stilte weereens in die dieptes neerdaal.

## PU is beïndruk

Mej E Weyers, afdelingshoof van die Aanskafafdeling van die Ferdinand Postma-Biblioteek het na bewering vroeër die maand 'n baie leersame besoek aan ons Aanskafafdeling gebring.

Sy was veral beïndruk met die gespesialiseerdheid waarmee die bestellings afgehandel word. Die metode van kontrole en gebruik van bestelkodes vir departemente soos tans deur ons in gebruik, is beslis veranderinge wat sy beoog om by die Ferdinand Postma-Biblioteek te implementeer.

## Ontsluiting geskommel

Die winde van verandering het heel gepas tesame met die Augustuswinde in die Ontsluitingsafdeling begin waai: Mnr Pieter Ferreira verlaat die afdeling om sy plek as hoof in Africana te gaan volstaan. (Ons hoop hy mis darem die dames se vrolike stemme om hom!) Mej Breggie Kotze sal dus nou die plek van die derde nasiener inneem. Mev Anita Visser is nog maar skrikkerig vir Regsgeleerdheid wat nou aan haar opgedra is, maar hoop om kop bo water (of bo boeke) te hou. Mev Eliza Botha verlaat die afdeling tydelik om haar pligte elders op "moederlike" wyse te gaan vervul. Ons sal dus vanaf 1 September Mej Lee in ons geledere verwelkom - ons hoop nie die Grieks en Musiek is te Grieks vir haar nie! Mev Dalena Stols hanteer nou ook Africana se boeke, terwyl mev Rinie Viljoen met Teologie assisteer. Ten slotte sal mej Leonie Jacobs lingua Latina by haar ander werksaamhede voeg.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ISRAEL toe


Terwyl ons styf toegewikkel was in warm wintersklere met ons vakbibliotekaresse van die sosiale wetenskappe die heerlike sonskyn van Israel geniet - dit kon 'n mens ook dadelik merk by haar terugkoms. Annatjie Korkie was een van die veertien studente van UNISA en Tukkies wat gedurende Julie saam met 'n groep studente uit Israel en ander lande opgrawings by Lagis (Tell ed Duweir) gedoen het. Die Judese vestingstad, Lagis lê ongeveer veertig kilometer suidwes van Jerusalem en was vroeërjare die belangrikste toegangsroete tussen Egipte en Jerusalem.

Die groep het in tente op die kibboets Bet Guvrin naby die opgrawings gewoon. Ons verneem dat daar soggens net na vier opgestaan is om vyf-uur te begin werk. Om half-nege is ontbyt onder 'n afdak op die "Tell" bedien en daarna was dit aanhou en uithou tot een-uur. Na middagete wat op die kibboets bedien is, het operasie skoonmaak begin, gevolg deur 'n middagslapie wat tot ongeveer half-vyf geduur het. Dan is die potskerwe wat die oggend gevind is, gewas en saans na aandete is daar lesings oor een of ander argeologiese onderwerp gehou.

Net voordat die groep teruggekeer het, is vyf toekennins gemaak aan persone wat hulle op een of ander voortreflike wyse onderskei het. Vir ons wat mev Annetjie Korkie ken, kom dit ook nie as 'n verrassing, dat sy een van die groepie was nie. Elkeen het 'n potskerf ontvang en op hare was die volgende aangeteken:

> Potsherd award to Annetjie Korkie for
> the best breakfast maker and pit digger
>
> Lachish 1976

Te oordeel aan die ondeunde uitdrukking in Annetjie se oë, is daar nie net gewerk nie, maar was daar ook tyd vir 'n bietjie pret waarby sy en haar tentmaat Joey altyd betrokke was. Tot hul bure se groot onsteltenis het hierdie twee die gewoonte gehad om tot wie weeet watter tyd in die nag te lag en te gesels oor die "gebeurlikhede" van die afgelope dag. Ten einde raad het die professor en twee predikante wat dit langsaan moes verduur die blink idee gekry om hul buurvroue se tee een aand te "dokter" - wat net die regte uitwerking gehad het!



"Alweer 'n nuwe kapsel, liefling?"

"Music is the most romantic of all the arts - one might almost say, the only genuinely romantic one - for its sole subject is the infinite. Music discloses to man an unknown realm, a world in which he leares behind him all definite feelings to surrender himself to an inexpressible longing."

E.T.A. Hoffmann
1776-1822

# ensovoorts...

MEV INA VAN DER MERWE ... dink terug

Wat deur my gedagtes gaan as ek oor die afgelope tyd in Africana terugdink? 'n Knewel om te verwerk maar onwillekeurig dwaal mens se gedagtes terug na die soet en die suur, die hoogte en laagte punte en as ek dan soos 'n rekenaar die warboel rondskommel en iewers vandaan 'n gevolgtrekking kan maak en die antwoord uitspoeg, weet ek dit sal lui, „Dit was 'n fees"

Alhoewel al baie uitgedun, is hier nog heelwat personeel vir wie die donker dae in Africana nog helder voor die gees staan, en dan aan al die nuwelinge bedoel ons donker! Dit was in die dae van die oū Merenskybiblioteek tydens die bouery van die nuwe biblioteek toe menige personeellid saans na die spierverslappers en hoofpynpille hulle toevlug geneem het om die gevolge, die stof, ongerief, oorverdowende lawaai en diefstal bietjie op sy te skuif.

Dit was reënseisoen en as gevolg van die feit dat die dak nog nie dig was nie, was dit omtrent 'n geskarrel om 'n emmer betyds onder elke lek te kry. Die personeel is egter in ag geneem, en om die vooruitsig van paddapote en snorkels uit te skakel, is al die rakke toe met enorme swart plastiek seile wat op party plekke tot op die grond gehang het, bedek. Dit was versmorend warm, maar in daardie tyd het ons die voorraad leer ken, want om met behulp van 'n flits jou weg te vind sonder 'n maermerrie-besering (die seile was ook nie heeltemal dig nie en emmers het die wêreld vol gestaan) en die verlangde boek op die rak te vind, het nogal iets geverg.

Die gebruikers het tou gestaan voor die toonbank en veral een insident toe die dag se spanning verbreek is en al die grommende studente voor die toonbank lagbuie probeer onderdruk het, sal ek nie lig vergeet nie. Dit was 'n besondere besige en snikhete dag, net voor die aanvang van die eindeksamen toe dr Wichmann van Sielkunde op 'n drafstappie die lokaal binnegekom en hom teen 'n skare van gebruikers vasgeloop het. Die oomblik toe hy lewe agter die seile gewaar en hy dit van pure ongeduld seker nie meer kon hou nie het hy hand in die lug, amper soos die Wart Mag-teken, uitgeroep „Juffrou, gee asseblief vir my 'n „torch!" Daar was 'n voorstel om vir ons „myn-helms" aan te skaf met 'n lig bo die voorkop om die ewige frustasie van boeke-met-'n-flits-wegpak uit te skakel, maar daarvan het nie veel gekom nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Nog voor die instelling van die Voorgraadse afdeling soos ons dit nou ken, was die boeke, destyds genoem toonbankboeke, in Africana gehuisves. Soortgelyke prosedures is gevolg en boeke kon ook vanaf 'n halfuur voor sluitingstyd uitgeleen word, tot die volgende oggend. Studies het my verplig om Dinsdag en Donderdagaande tot 8.00nm te werk en op 'n koue wintersaand bevind ek my toe te midde van die malle geskarrel na Volkekunde boeke daar die take die volgende dag ingehandig moes word. Uiteindelik breek huistoegaan-tyd aan en so met die afgaan van die trappe warrel 'n meneer verby, billik ontstoke dat hy byna toegang geweier is. Terug na die boeke en nêrens, nêrens is sy bespreekte boek te vinde nie. Die klokkie het deurdringend aan die lui gegaan en Jaap was al reg om oor die dromme op die grondverdieping te klouter om die ligte af te skakel, en steeds duur die soektog voort. Uiteindelik, gevonden!
Na 'n pynlike operasie om in drukskrif die besonderhede op die kaartjie aan te bring word dit selfvoldaan aan my oorhandig. Hoogs tevrede met homself.
"Adres en telefoonnommer asseblief meneer?"
Doodse stilte. Skok en verbasing staan duidelik oor sy hele gesig geskryf.
"Maar juffrou, ... ek sleep vas!"

Ek wil tog van hierdie geleentheid gebruik maak om almal saam met wie ek werksaam was, en ook die res van die personeellede te bedank vir die drie jaar van saamwees. 'n Mens huiwer amper voor die toekoms wat 'n heeltemal ander omwenteling aanneem, maar ek glo dat u my genoeg in die verlede gegee het om in die toekoms op voor te kan bou.

---

TITELS IN DIE KATALOGUS:

1. Juvenile delinquency .. Walter Reckless
2. Joy's loom ........... Wilhelmina Stich
3. De Invloed van intensiewe drooging op de condensatie-warmte ................ D Cannegieter
4. Vergelykend leerboek der bedryfseconomie ....... Dr S Kleerekoper
5. Swemmen als terapie ... W P Vis
6. The Pound Stirling in crisis ................ Sir A E Feaveryear
7. Plantlocation ......... M L Greenhut
8. What automation does to human beings .......... G H Soule
9. Ek leer klanke ken .... A Holl
10. The Problem of measure for measure ........... R Miles
11. The Evaluation Interview . R A Fear
12. Modern fantasy ........ C N Manlove
13. Marching on Tanga ..... F B Young
14. The Child who walks alone ................. A Stilwell
15. Bedside Diagnosis ..... G Blumer

# Die praatmasjien

Die dames van die Ontsluitingsafdeling het besluit om voortaan hul telefoon met meer ontsag te bejeën en te hanteer. Hulle het sopas vasgestel dat die samestelling van die telefoon die volgende stowwe insluit: chroom, nikkel, rubber, geelkoper, koolstof, plastiek en staal. Katoen word gebruik as akoestieke skerm in die handstel. Was vul kapasitors en isoleerders. Daar is 'n tikkie goud en silwer in die oorsender. Ander materiale sluit in aluminium, kobalt, koper, lakvernis, lood, petroleum, rayon, silikon, tin en sink. Ook berillium word gebruik vir 'n band in die skakelskyf, molibdenum vir magnete, paladium vir kontakte en vanadium vir 'n deeltjie in die ontvangstoestel.

Hulle ontsag spruit blykbaar nie net uit eerbied vir die samestelling van dié fyn instrument nie, maar wat sou gebeur indien al daardie goeters deurmekaar raak?!

---

# Kennisgewing

Die tydskrifte wat vanaf die MacFadyen-biblioteek (Buitemuurs) oorgeplaas is na die hoofbiblioteek is nou in die kelder beskikbaar.

Die RV-boeke, d.w.s. die rustende voorraad is verskuif vanuit die glaskas in die kelder na die blok direk oos van die glaskas. Die ou universiteitsjaarboeke en V.V.O.-publikasies is na die glaskas verskuif.

---



"Vervlaks, ek sal die boek met die fiksheidsprogram nog kry!"

---

# om die teepot

Augustusmaand is vakansiemaand:

In die Ontsluitings-afdeling is dit mev Minda Meyer en haar twee dogters wat na die Bosveld vertrek het.

Mev Helene Fourie sal seker nie aan die Buitemuurse kataloguskaartjies kan dink terwyl sy die woonstel in 'n nuwe tuiste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

omskep nie.

Van Voorklinies verneem ons dat mej Erna Klopper in Hibberdene vakansie hou.

Mev Rhona van Zyl van Beplanning is na St. Michael's-on-Sea.

Mev Rita Botes van die Bestelafdeling het haar kinders vir 'n besoek aan ouma in die Vrystaat vergesel, terwyl mej Jeanette Erasmus by die huis rus.

Terwyl die personeel van IBL hard gewerk het om die werk op datum te kry, het mev Joyce Botha en mej Wilma Shipman (Kleingeld) in Natal gekuier.

Mnr Paul Erasmus van Bindery is met verlof.

Mev Annette Steyn is baie verlig om na 'n sowat 8 000 km-reis weer in Merensky terug te wees. Hulle het die terroriste in Suidwes net-net mis geloop.

Mev Anita Visser het klaarblyklik haar vakansie in London baie geniet. 'n Besoek aan die British Museum het Historiese Bibliotekkunde "lewendig" gemaak.

Ons verwelkom mnr P Lor terug, na sy drie weke verpligte verlof.

Ook mnr Kallie Scheepers is terug na drie maande militêre diens in Suidwes. Ons wonder of hy nie terug verlang bosse toe nie, want hier by die huis moes hy een oggend vroeg halflyf in die koue water staan om 'n stukkende waterpomp te herstel!

Na verlof van drie weke is mev Jo Coertse op haar pos by mnr Duminy se kantoor sodat mej Maritha Hinrichsen weer terug is by die tiksters waar daar duisende katalogus-kaarte wag.

Mev Wilma Nel van Bindery en mej Marietjie Pauw van Toonbank is albei skielik en onverwags in hospitale opgeneem. Ons is dankbaar dat hulle albei weer terug is by die werk.

Die afgelope paar weke was dit maar redelik stil in die Bindery. Met die uitsondering van mnr Porter het die afdeling se personeellede hul benaming van "Binders" na "Plakkers" verander. Die teologie boeke het deurgeloop.

Mnr Chris Buys is nou die trotse besitter van 'n ligblou Cortina stasiewa. Onthou om ook na die battery-water op te let, miskien sal die battery dan langer "nuut" bly!

Moet tog nie parkeer waar daar gebou word nie! Mnr Dawie Hughes se Datsun is beskadig toe 'n stuk yster op die bagasiebak geval het.

Ons wens mev Ina van der Merwe van Africana hartlik geluk met die tweeling dogters. Ons vertrou dat die gesin spoedig sterk en gesond by die huis verenig sal wees. Goeie raad aan mev van der Merwe: rus solank nóu goed uit vir die moeilikheid wat jou oor so agtien jaar gaan tref!

Heila Strydom van Voorklinies maak die afgelope tyd van elke moontlike geleentheid gebruik om in Bloemfontein te kom. Ons wonder of daar 'n trekpleister is ...?

Levina was weg met verlof, en het net weer kom "oë wys" voordat sy ons gaan verlaat. Ons vertrou dat die kleinding groot vreugde in hulle huis sal bring.

Vandat mnr Gerhard Potgieter by Toonbank werk, bly die werk op datum. Mooi so, Gerard, hou die dames op hul tone.

"Die Lente is in die lug". Ons wonder wat bedoel mnr Hendrik Bosman alles daarmee. Skynbaar moet hy nou elke geleentheid benut om hierdie lentelug in te asem!

Mnr Rudi Schwartz van Buitemuurs stap deesdae werk toe. Dit gaan glo oor opmetings of afmetings(?)

# Welkom....totsiens

Dit is helaas weer tyd om te groet. Hierdie maand verloor Merenskybiblioteek vier van sy staatmaker-personeellede. Na 3½ jaar by ons het mev Lynda Castelyn besluit om haar tikmasjien vir 'n stootwaentjie te verruil. Sy was ook die dame met die flinke vingers wat die tikwerk van Biblikasie behartig het en altyd met 'n glimlag bereid was om nog 'n laaste beriggie te tik. Baie dankie Lynda, ons mooiste wense vergesel jou.

Mev Levina Els het vir 3 jaar haar plek ingeneem agter die toonbank van IBL vanwaar sy altyd 'n vriendelike glimlag vir almal gehad het. Waar sy nou haar moederlike pligte tuis gaan vervul gun ons haar almal 'n welverdiende rustyd.

Mev Ina van der Merwe is nou die moeder van tweeling dogtertjies. Geniet die blaaskans Ina totdat die dogters tuis is! Ina het ook vir 3 jaar die metamorfose van Africana belewe.

Die boubedryf het vir mnr Louis Joubert blykbaar 'n groter aantrekkingskrag as die Bindery waar hy vir byna 4 jaar werksaam was. Goeie wense aan jou, Louis.

Mevv. Lily Coetzer en Anette Booysen en Amke de Jager is drie dames wat reeds die geledere van die Ontsluiters kom versterk het. Ons hoop julle geniet die vier maande by ons terdeë! Mej M M Lee sal van 1 September af haar ook by die Ontsluitingsafdeling aansluit. Baie welkom by ons.

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# fotoblad

# totsiens





Mev. L. Castelyn - Tikster

Mnr. L.S.S. Joubert - Bindery



Mev. Levina Els - IBL



Regs : Mev. Ina v.d. Merwe - Africana

# nuwe personeel





Mnr. G.J. Potgieter - Toonbank

Mej. L. de Kock - 3de verdieping



Mev. A.L. de Jager - Ontsluiting






Mev. L. Coetzer en Mev. A. Booyzen - Ontsluiting



Mej. Anette Zeelie het op 24 Julie
Mev. A. Steyn geword

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Sept. 1976

# ons strewe na professionalisering

Die biblioteekberoep in Suid-Afrika staan tans in die teken van professionalisering. Dit wat ons hier by U.P. in daardie rigting sê of doen, hou verband met wat oor 'n wyer front besig is om in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese te gebeur. Die pas afgelope konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in Port Elizabeth was dan ook hoofsaaklik gewy aan die hele kwessie van die professionalisering van die biblioteekberoep in Suid-Afrika. Die gedagtes wat by wyse van referaat of bespreking tydens die konferensie uitgespreek is, toon 'n interessante korrelasie met wat ek in die afgelope drie nommers van Biblikasie oor "Ons strewe ...." te sê gehad het. Die noodsaaklikheid van ons beroep was ter sprake toe ek gemeld het dat die genoegdoening wat ons uit ons dagtaak put o.a. voortspruit uit die besef dat ons werk vir ander onontbeerlik is. Die aanwesigheid van 'n professionele uitdaging met die gepaardgaande behoefte aan professionele opleiding blyk o.a. uit ons uitdaging om die oënskynlike konflik tussen die bewaring en behoud van kosbare biblioteekmateriaal aan die een kant en die optimale benutting daarvan aan die ander kant, op professionele wyse te hanteer. Verlede maand het ek beklemtoon dat professionele kundigheid en professionele verantwoordelikheid eers verwerf moet word voordat ons op die voorregte van professionele vryheid aanspraak kan maak.

Nou is dit vir my duidelik dat daar by sommige van u 'n wanopvatting is oor wat die rol van begrippe soos professionele verantwoordelikheid, professionele vryheid en professionele gewete in die praktyk werklik behels. Ek kan uit die aard van die saak nie in hierdie rubriek 'n saak in al sy konsekwensies vir u uitpluis nie en die bedoeling is juis dat u dit verder bedink, bespreek en ondersoek. Wat die kwessie van professionele vryheid betref, volstaan ek dus deur daarop te wys dat hierdie vryheid óf in die kontek van 'n breër beheerstruktuur ervaar word, óf daar buite. Wat eersgenoemde betref, impliseer dit dat die professionele persoon hom vereenselwig met beheer- en bestuursmaatreëls wat ten behoewe van 'n breëre struktuur getref moet word. Dit beteken dat die professionele persoon by die aanvaarding van 'n betrekking in daardie struktuur hom neerlê by alle reëls en regulasies wat nodig is vir die goeie gang van sake in daardie struktuur. Die professionele gewete moet hom in so 'n geval onderwerp aan die bepalings t.o.v. werksure, verlof en so meer. Trouens, die omseiling of ontduiking daarvan kan getuig van professionele onvolwassenheid of bandeloosheid.

Daarteenoor is dit steeds vir die professionele persoon moontlik om 'n privaat praktyk te bedryf waar hy nie aan die reëls of regulasies van 'n breëre beheerstruktuur onderhewig is nie - behalwe miskien dit wat die sosiale struktuur op hom lê. U kan dit vergelyk met 'n argitek of 'n geneesheer wat óf in diens van 'n sekere instansie staan; óf sy eie privaat praktyk het.

Ek verwag van elke professionele persoon om juis deur sy nougesette handhawing van alle maatreëls in belang van die goeie orde in hierdie biblioteekdiens bewys te lewer van sy professionele mondigheid. Indien 'n sekere maatreël vir u 'n professionele struikelblok is, berus dit by uself om die aangeleentheid met u hoof op te neem. U sal in elk geval met verloop van tyd al hoe meer aandadig wees in die neerlegging van maatreëls wat nodig is om ons beheerstruktuur so suksesvol moontlik te skep, aan te pas en in stand te hou. In hierdie verband skep die burokratiese organisasiestruktuur waarvolgens ons biblioteke tans ingerig is lastige probleme. Daaroor gesels ek liefs 'n volgende keer. Intussen is die vakbibliotekarisstelsel 'n poging om binne die bestaande struktuur tog meer professionele leefruimte te skep. Dit is egter maar die eerste stap op 'n nuwe pad wat ons vanweë vele slaggate en struikelblokke met groot omsigtigheid en kundigheid sal moet bewandel.

Prof. E D Gerryts
DIREKTEUR - BIBLIOTEEKDIENS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# van die buiteposte

## kalafong

Weens kommunikasieprobleme en die "land-uit" ligging, was daar nog geen berig oor die doen en late by die Kalafong-biblioteek nie.

Hierdie biblioteek by die Kalafonghospitaal funksioneer van ± 1974 as satelliet van die Kliniese biblioteek. Na voltooiing van die kliniese opleidingskompleks langs die hospitaal, in April 1975, is die boeke en tydskrifte oorgeplaas na die nuwe gebou by die opleidingskompleks. Saam met die nuwe biblioteek het ook 'n nuwe "bestuur" gekom. Die biblioteek is vir die eerste keer onder die toesig en beheer van 'n Merenskypersoneellid geplaas in die persoon van mnr. Floris Venter. Hy is egter later vervang uit vrees vir 'n geval van vereensaming en afstomping (met sy verplasing na Merensky-biblioteek wou hulle hom eers dadelik opneem by Africana, maar gelukkig was die dames van die Aanskafafdeling sy redding.) Sy verplasing is egter 'n gevoelige slag vir die hospitaal se sokkerspan.

Die biblioteek lewer 'n beskeie maar doeltreffende diens aan veral nagraadse studente en doserende personeel. Die boekvoorraad is die afgelope sewe maande met ± 200 boeke vermeerder wat hoofsaaklik diens aan nege mediese departemente verskaf. Die 60 tydskrifreekse voorsien voorlopig in die behoefte, maar word mettertyd aangevul.

Op 5 Februarie 1976 is die Klinikalagebou (Kliniese opleidingskompleks) amptelik ingebruik geneem. Mnr. Hennie Bosch die huidige biblioteekassistent aldaar, wonder of Klinikalabiblioteek nie die aangewese nuwe naam vir die Kalafongbiblioteek is nie!

Dit lyk egter of die biblioteek besig is om sy reputasie as kluisenaarsbiblioteek finaal af te skud aangesien konsensieuse studente ontdek het dat die biblioteek 'n gerieflike studieruimte het.

## uit die middestad

Dit is steeds die beitelslae en draaibore wat die pas aangee hier op die Westelike kampus. Die nuwe kiaat toonbank pryk egter reeds in posisie en die nuwe staal trap wag vir hout bekleding.

In die huidige ekonomiese klimaat is ons hier in die Buitemuurse Biblioteek baie bewus van, en dankbaar vir elke verbetering. Dat 'n omwenteling aan't gebeur is, is duidelik. Die rakke wat vroeër groen was, kom stuk-stuk roomkleurig terug en die pienk pilare en grys plafon word 'n ryk naaswit.

Of die biblioteek teen 'n beoogde 15de Oktober voltooi sal wees, bly steeds 'n goeie vraag.

Dit is 'n afwagtende groepie wat vanuit die middestad groet.

# nuwe biblioteek vir kovsies

'n Moderne nuwe biblioteekgebou vir die Vrystaatse Universiteit wat 750 000 boeke sal kan huisves, word in opdrag van die universiteitsraad beplan omdat die bestaande gebou vanweë die groeiende studentetal in die toekoms al meer ondoeltreffend sal word.

Die beskikbaarheid van geld sal bepaal wanneer met bouwerk op die oop terrein by D F Malherbe-rylaan begin sal word.

Volgens die bibliotekaris, mnr. F J Potgieter, sal die gebou 750 000 boeke kan huisves teenoor die ongeveer 300 000 in die bestaande biblioteek. Dit sal 'n studielokaal hê wat snags oop bly en in die plek van groot leesruimtes sal daar kleiner studieruimtes wees. Om studente te help sal vakreferente moontlik aangestel word.

Die Volksblad, Donderdag 26 Augustus 1976

# geagte redaksie

Geagte prof. Gerryts en personeel,

Na meer as drie weke se heen-en-weer ryery en trekkery, het ek uiteindelik 'n kansie gekry om te skrywe. Ek wil u en die personeel bedank vir die geskenk wat ek gekry het op my laaste dag by Merensky. Ek het dit baie waardeer.

Ek het net een week in Alice gebly om al hulle prosedures te leer ken. Alice was baie koud, mistig, en omtrent elke dag het ons sagte deurdringende reën gehad. Ek het die 9de Augustus hier aangekom, en het tydelik by die Registrateur gebly terwyl ek huisvesting gesoek het. Umtata is besig om vinnig uit te brei en die dorp is vol konstruksiewerkers.

Die biblioteek is klein maar aangesien daar baie wisseling van personeel was, is daar geen vasgestelde roetines, prosedures of werksmetodes nie. Daar was 'n outeurskatalogus vir die 5 000 boeke en dië was in 'n lessenaarlaai gebêre en die gebruikers het natuurlik niks daarvan geweet nie! As hulle boeke gesoek het, het hulle op en af geloop tussen die rakke totdat hulle miskien op die regte boek afgekom het.

Die personeel is klein - daar is 6 van ons. Net die hoof en ek het enige opleiding in biblioteekkunde. Die ander 4 is baie gewillig en is ywerig om te werk na baie maande se verveeldheid. Alle prosedures, selfs alledaagse roetines moet van vooraf uitgewerk word - bestel, katalogisering en klassifikasie, interbiblioteeklenings, ens., asook die teeklub, aankoop van voorrade vir die biblioteek - die lys is eindeloos! Ek geniet dit baie, vind die werk uitdagend en uitputtend en interessant.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die lug hier is baie skoon - daar is geen kwessie van besoedeling nie; daar is geen verkeersopeenhopings op pad huistoe nie; en ek het 'n pragtige uitsig van die berge vanuit die kantoor asook van die woonstel waar ek bly.

Nogmaals baie dankie vir die geskenk. As iemand in die omgewing reis is hy/sy baie welkom om by ons in te loer. Ons sal altyd Merensky-personeellede baie welkom heet!

Die uwe,

Elizabeth Winklé
Posbus 747
UMTATA
5100

Geagte Redaksie,

Die Interbiblioteekleen-afdeling se skape is nou weer almal in die kraal ... en goed aan die woel.

Hulle sê niemand in hierdie lewe is onmisbaar nie, maar ai, die gemis kan soms so ongerieflik wees. Toe dié ongerief wat ons verduur openbaar gemaak is, het daar egter gou lig opgegaan.


Agt hande het flink ingespring en ons van Inter wil aan mevv. Manda Lang, Minda Meyer, Mejj. Chrissie Potgieter en Marie Schoeman baie, baie dankie sê. Wie weet eendag tref 'n tok-tokkie in die hart of 'n bonte virus julle afdeling en dan is dit ons beurt om die rots uit die pad te rol.

Aan mej. Anne-Marie Badenhorst en mev. Joyce Botha wat die ratte van die afdeling goed geolie gehou het en mej. Marietjie Pauw en mev. Maretha Kuhles wat ook ingespring het, ook 'n groot DANKIE.

Mej. Susna Hurn & mev. Gerda de Bruin.

Die vriend wat met die vriend in stemming werk, het in 'n dorstige land op 'n lewende springfontein afgekom.

M.E.R.




# wat gebeur waar?

Vooronderzoek na Rekenarisering

Die vooronderzoek na die rekenarisering van die Biblioteekdiens het onlangs 'n meer konkrete fase bereik toe 'n module van die DOBIS-programpakket wat oorweeg word vir aankoop, by die Universiteit se Rekenaarsentrum geïnstalleer is vir demonstrasie- en eksperimentele doeleindes. Die programmodule wat ontsluiting en katalogussoektogte hanteer, is teen die einde van Julie deur die bemiddelling van IBM in Suid-Afrika ontvang en is agtereenvolgend by die rekenaarsentra van die Dept. Nasionale Opvoeding, die W.N.N.R. en U.P. aan die gang gesit.

Die onmiddellike oogmerke met die installering van die stelsel is om dit in detail te bestudeer, om moontlike leemtes te bepaal en die funksionering daarvan te toets deur middel van 'n vergelyking met die bestaande stelsel. Vir hierdie doel is 'n gesamentlike werkgroep met verteenwoordigers van die W.N.N.R. gestig om die evaluering op 'n gemeenskaplike basis te onderneem. Ter voorbereiding vir die praktiese evaluering word oefensessies elke Maandag, Woensdag en Vrydag tussen 13h30 en 15h30 by die Rekenaarsentrum gereël. Twee personeellede elk uit die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling en die Ontsluitingsafdeling is hierby betrokke. Die oefensessies gaan gepaard met weeklikse lesings deur 'n verteenwoordiger van IBM.

Na verwagting sal die huidige evalueringsfase voortduur tot ongeveer Desember vanjaar. Na afloop hiervan behoort die Biblioteekdiens in staat te wees om 'n finale besluit te formuleer oor die wenslikheid van die aankoop van DOBIS in besonder, maar ook oor sy aanvanklike benadering van rekenarisering, naamlik die aanwending van bestaande programpakkette as alternatief vir die ontwikkeling van 'n eie stelsel.

## die bindery

Die aktiwiteite van die Bindery het onlangs weer tot normaal teruggekeer en almal is druk besig met die inbinding van tydskrifte. Alhoewel daar aan die begin van die jaar 2 973 eksemplare van "Wenke vir die skryf van 'n werkstuk" (nr. 4) by die Uitleentoonbank vir studente beskikbaar gestel was, is dié voorraad egter gou uitgeput. Die binders het weer ingespring en 'n verdere oplaag van 3 620 gebind. Die blou kassies vir tydskrifte is ook aangevul.

## tuislande

Wonder u waar presies al die verskillende tuislande in Suid-Afrika geleë is? Knap u kennis op deur 'n besoek te bring aan die tweede vloer. Die kaart is aangebring teen 'n muur langs kamer 241.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Kennisgewing

Die landbou- en veeartsenykunde-proefskrifte, wat tot nou toe in die kelder gestaan het, is oorgeplaas na die Landboubiblioteek.

# ensovoorts...

## Wetenskaplike ontdekking:

Daar word berig dat die nuwe en baie doeltreffende Departement Chemie, 'n nuwe element ontdek het. Hier volg die eerste paar feite wat bekend gemaak is:

Element 103 - Vrou

Simbool WX

Voorkoms: Word gewoonlik met mans geassosieer en word selde in 'n vry staat aangetref.

Atoommassa: In teorie ongeveer 50 Kg., in die praktyk meer!

Fisiese Eienskappe: Het in die algemeen 'n gekurfde vorm. Kook by absoluut geen temperatuur en kan enige oomblik vries. Smelt wanneer met grasie hanteer word en is baie bitter wanneer stief hanteer.

Chemiese Eienskappe: Hoogs aantreklik. Besit 'n groot voorliefde vir die edelmetale, veral goud, silwer, platina en edelgesteentes. Verander na groen wanneer dit geplaas word langs 'n mooier voorbeeld. Hewige spontane reaksies vind plaas wanneer alleen gelaat. Verouder vinnig.

Gebruike: Hoogs ornamenteel. Bruikbaar as 'n tonikum vir die stimulering van neerslagtigheid. Werk die eweredige verspreiding van rykdom in die hand en is moontlik die grootste inkomsteverminderende agent bekend.

Waarskuwing: Totaal onvoorspelbaar en hoogs plofbaar in onervare hande.

---

AANDAG!!

Alle Naaldwerksters.

WINSKOPIES: Trilobel
Poleyster
Crimplene
Gaberdene
Cashmere Weave ens.

Groot verskeidenheid monsters beskikbaar.

Bestellings word weekliks hier geneem en afgelewer.

KONTAK: Mev. W Pitzer (Tydskrifte-afdeling)

## Van-der-Merwe-in-die-Kelder

David Schalk van der Merwe het 'n lang asem - sy proefskrif se titel lui:

"Hitteuitruilerdoeltreffendheid en temperatuursverspreiding in massatabakdrogingskure."

# hekelpuntjies

Om by 'n dienspunt te werk hou dikwels baie roetine take in wat in die reël nie baie stimulerend is nie. Vir diegene wat egter daarvan hou om met die publiek te werk is die manewales en kwinkslae van die studente dikwels 'n bron van groot plesier.

Mev. Tertia Kilian het 'n paar gesprekke met studente by die Kleingeldtoonbank opgeteken:

Student: "Juffrou (!) ek wil so 'n paar vyfsentstukke hê."
Assistent: "Hoeveel Meneer, vir die hele vyftig sent?"
Student: "Nee, net 'n paar."

Assistent haal twee vyfsentstukke uit. (Twee is mos 'n paar.)

Student: "Nee wag, gee maar so vyf vyfsente."

Assistent gee ses vyfsentstukke en een twintigsentstuk.

Student: "Nee net vyf, man!"

---

Student: "Juffrou, ek wil R3 se vyfsentstukke hê."
Assistent: "Wil u nie liewer die meter neem nie, meneer Gagiano sal u wys hoe om daarmee te werk."
Student: "Nee, ek wil vyfsentstukke hê!"
Assistent: "O!, werk u bo by die Regsafdeling? (Boeke mag nie vandaar verwyder word nie.)
Student (verontwaardig): "Nee, ek werk nie in die biblioteek nie, ek "swot" nog!"

Mej. Marietjie Pauw vertel:

Op 'n dag staan ek diep ingedagte agter die uitleentoonbank terwyl ek besig was om leenkaartjies numeries te rangskik.
"Juffrou," praat iemand hard.
My kop kom orent en voor my staan vyf mansstudente.
"Juffrou, sal u asseblief na my motor kyk ... sommer so 'n ogie hou. Ek het hom hier rég voor die deur getrek ...."
Ewe domonnosel draai ek my om, half-verbaas dat 'n student sy motor voor die deur mag parkeer. Buite die deure staan daar niks ...
"Ha-ha-ha" bars die spul uit van die lag.
Ek wou nie, maar 'n glimlag trek my gesig skeef en ek moes maar saam lag.
"Goed meneer, ek sal hom dophou."
'n Halfuur later kom hulle weer verby.
"Dankie juffrou, dat u so mooi na my motor gekyk het ...!"
"Plesier meneer!"
Lag-lag verlaat hulle die Merensky-biblioteek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Met my vriende maak ek dan soos ek met my boeke maak. Ek wil hulle hê waar ek hulle kan vind, maar ek gebruik hulle selde.

Ralph Waldo Emerson.

## nagvlug

Een van my interessantste tydverdrywe tydens ons Europese toer gedurende Juliemaand was om ons reisgenote tydens vliegritte dop te hou.

Tydens die vlug vanaf Johannesburg na Frankfurt maak ons toe die fout om vir sitplekke te vra in die nie-rokers gebied. Dit was baie gou duidelik dat daar baie meer rokers as nie-rokers op die vlug was en dat die nie-rokers nie die beste sitplekke kry nie. Ons twee land toe in twee sitplekke wat net deur 'n smal gangetjie geskei word van die kombuis. Däärdie nag het daar vir my baie lig opgegaan oor 'n vliegtuig se huishoudkunde. Die hele nag was dit 'n getoeklap van oonde, koppies en pierings wat opmekaar gestapel word, melk wat uitgedeel word aan slaaplose passasiers, lugwaardinne wat vinnig-vinnig 'n appel wegsluk en net so vinnig weer lipstiffie aansmeer om passasiers middel in die nag met 'n Revlonglimlag te betower; moeders wat bababottels opwarm en mense wat nog komberse vra. Kortom: 'n groot onrustigheid en baie passasiers wat lyk of hulle slaap. Dalk het hulle ook maar net hul oë toegehou tydens al die stille skietgebedjies wat opgestuur word hopende dat hulle veilig in Frankfurt sal aankom.

Met sonsopkoms die volgende oggend beleef ons toe weer die volgende vlaag van letterlike menslike opfladdering. Almal gryp na hulle kameras en spook vir die beste plek om die beste foto te neem van sonsopkoms oor die Switserse alpe. Op däärdie stadium het ons al gehoop die môrestond het grond in sy mond in plaas van die spreekwoordelike goud want na sóveel uur in 'n vliegtuigsitplek begin jy sterk verlang na vaste bodem onder jou.

Die vlugkaptein het ook na sonsopkoms weer begin werk. Interessante stede word aangetoon, vlughoogte en weervooruitsigte op Frankfurt word aangekondig. Die lugwaardinne deel net links en regs warm doekies uit waarmee die passasiers hul gesigte finaal kan afrond vir die landing op Frankfurt. En nét daar, skaars 17 uur weg van die huis het ek al klaar begin verlang huistoe. Ek kon nie help om terug te dink aan my ma se woorde voor sy haar kroos uit die huis stuur nie: "Is julle gesigte skoon en julle hare gekam?" Om nie te praat van die sakdoeke wat ons nie mag vergeet nie. Seker daarom dat ek vandag nog na my sakdoek gryp as prof. Gerryts ons opkommandeer. Dis te verstane dat die lugwaardinne nie hul "vlugkroos" na soveel ure in 'n vliegtuig só deurmekaar soos net 'n mens vroeg in die oggend kan lyk, die wye Europese wêreld wou instuur nie.

Baie mense in S.A. het seker binne die volgende paar dae die volgende boodskap ontvang: "Veilig aangekom in Frankfurt".

Mev. B von Ehrenberg

## hulp in nood

Dit was sestien baie leergierige dames en mnr. Otto wat hulle op Maandag 13 September om 4 nm. in die teekamer aangemeld het vir opleiding in Noodhulp. Die lesings strek oor 'n periode van agt weke en word aangebied deur mej. G J Kilian, verbonde aan die S.A.-Noodhulpliga.

Mej. Kilian se verbeeldingryke vertellings het almal gou die noodsaaklikheid van die kursus laat insien. Verskillende aspekte van noodleniging word bespreek waarna almal die gebruik van die driehoekverband prakties toepas. Maar by alle goeie dinge kom daar ook huiswerk en uiteindelik sal almal 'n eksamen aflê ter verkryging van die eerste sertifikaat in Noodhulp.

## Welkom....totsiens

Ons wil al die nuwe personeellede wat by ons aangesluit het baie hartlik verwelkom en vertrou dat hulle die tyd hier baie aangenaam sal vind.

Mev. Lorraine Erasmus, 'n gebore Pretorianer, het die krisis by Beplanning verlig, waar sy mev. Castelyn se pos oorgeneem het. Sy is 'n hoogs bekwame en ervare dame wat via die Dept. van Arbeid, Unisa en die R.G.N. hierheen gekom het.

Mej. A M Honiball sal vanaf 1 Oktober die sekretaresse wees van ons adjunk direkteure, mnre. Duminy en De Bruin.

Mnr. G J Luüs het sedert 1 September as Bindersassistent by ons aangesluit, nadat hy eers by die Staatsdrukker gewerk het en daarna ook die eiendomsmark beproef het.

Mev. Denise Wheeler is vanaf 1 Oktober aangestel as Junior Bibliotekaresse. Sy was voorheen werksaam by die Landboubiblioteek en het daarna ook skoolgehou.

Mej. Magriet Lee is sedert 1 September werksaam by Ontsluiting en vir ons alreeds 'n ou bekende. Ons vertrou dat sy al goed ingeburger is en glad nie terug verlang na Landbou nie.

---

Mev. Ella van Staden was sedert 15 Julie 1974 hier werksaam. Tydskrifte sal haar afwesigheid terdeë voel.

Mev. Jo Coertse was sedert 12 Oktober 1970 mnr. Duminy se sekretaresse. Ook vir haar dienste deur al hierdie jare wil ons haar hartlik bedank.


Ons wens vir Jo en Ella 'n baie mooi en gelukkige tyd toe. Mag die nuwelinge in die familiekring groot vreugde bring.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit is mos geluk as 'n mens kan werk en iets goed en reg klaarmaak. Dan is dit ook weer geluk as jy kan rus wanneer jy moeg is.

F. Steyn



My hemp is pragtig wit Ma, maar ek dink ek het meer van die rooi en blou strepe gehou!

# om die teepot

Tydens Skoutyd in Pretoria was dit 'n baie bekommerde mej. Valerie Snodgrass wat op 'n oggend naarstiglik na onderstel- en enjinnommers gesoek het. Haar motor het spoorloos verdwyn vanaf die parkeerterrein by die Skou. Ten einde raad is die saak by die polisie aangegee. Dit was ook hulle wat die motor 'n paar dae later weer by die Skouterrein opgespoor het - met net die wieldoppe vermis!

Om 'n fout in die vorige Biblikasie reg te stel: Mnr. Dawie Hughes se motor het nie langs 'n half-voltooide gebou geparkeer gestaan toe 'n stuk yster daarop geval het nie. Hy was oppad huis toe en het in die middelbaan van Pretoriusstraat GERY toe die ongeluk gebeur het. (Jammer vir die fout en die skade, Dawie! - red.)

'n Groot terleurstelling en hartseer het die Erasmus-familie getref toe oom Rassie van die Bindery per ongeluk hulle 13 jaar oue Skipperkehondjie doodgery het. Indien iemand weet waar 'n jong Kolliehondjie aangeskaf kan word, tree asseblief met mnr. Rassie Erasmus in verbinding.

Mnr. en mev. Callie Scheepers het op 3 September die trotse ouers van 'n dogtertjie geword. Hartlik geluk Callie!

Mev. Maretha Kuhles oorweeg dit sterk om die Merenskybiblioteek vaarwel toe te roep om haar aandag voltyds aan haar skryftalent te wy. Sy bewys byna daagliks haar meesterlike skryfwyse in die skryf van "Die Boek". (Waarin u almal op een of ander tydstip parafeer!)

Mnr. Otto het as afdelingshoof van die Uitleenafdeling, uiteindelik 'n meesterplan ontwikkel waarmee hy 'n wakende oog oor die doen en late van die grondverdieping se personeel kan hou. Hy fotografeer hulle! Sommige van die dames is al so gewoond aan die kamera en kalklig dat hulle 'n deeltydse pos as fotografiese modelle sterk oorweeg.

So tussen die akademiese bedrywigheid en boekewegpakkery op die tweede verdieping deur, het mej. Rita Pretorius, mev. Otto geword. Vrydag, 17 September was dié groot dag in haar lewe en Maandag was sy weer trou op haar pos. Ons almal se mooiste wens gaan aan julle twee, Rita!

In die geledere van die Ontsluitingsafdeling was daar nie minder as sewe personeellede wat vir 'n korter of langer tydjie met verlof was nie. Hulle was mejj. Jo Breedt en Ina Muller en mevv. Irma Badenhorst, Dalena Stols en Annette Steyn. Mej. Breggie Kotzé het die lekkerste van almal gehad want sy was op 'n heerlike en suksesvolle bustoer na die Nasionale Krugerwildtuin. Mev. Rienie Viljoen was afwesig weens siekte. Gelukkig is sy weer terug en ons hoop sy is weer heeltemal gesond. Mej. Bettie Coertze was ook vanaf 1 September weg na Port Elizabeth waar sy die S A Biblioteekvereniging Konferensie bygewoon het.

Nog iemand sien daar besonder goed uit na haar veertien dae verlof wat sy tuis deurgebring het.

Die Leenafdeling is beslis 'n afdeling waar dinge gebeur. Mnr. Gerhard Potgieter is seker die versigtigste motorkoper ooit. Hy het sy rooi Volksie glo drie maal laat toets voordat hy tevrede was met die koop. Duisend gelukkige myle vir jou Gerhard!

Mev. Alida Dippenaar het na diepe nadenke besluit om maar liewer nie in 'n fiets te belê nie (rede? - reëndae e.d.m.) en het toe maar liewer 'n splinternuwe goudgeel Mini aangeskaf.

Gewonder hoekom mej. Marietjie Pauw so skeefskeef loop? Die gewig van diamante aan die een hand is die rede. Hartlik geluk met die "vangs" Marietjie en ons allermooiste wense vir die toekoms. Nog twee persone wat hulle laat ring het is mej. Barbara Maritz van Ontsluiting en mnr. Hendrik Bosman van V.G. Hartlik geluk.

Die pronkertjies en madeliefies wat so van tyd tot tyd hul verskyning by die Toonbank maak, getuig van die feit dat daar darem nog lewe onder in die Kelder is. Mev. Marie Rautenbach is die goeie fee wat daarvoor sorg.

Mev. Marié Botha herstel tans na 'n operasie. Ons wens haar 'n spoedige herstel toe.

Mnr. Neels Venter het op 24 September mondig geword - Baie geluk!

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# fotoblad

## nuwe personeel



Mnr. G J Luüs - Bindery



Mej. M M Lee - Ontsluiting



Mev. M-L Erasmus - Beplanning

## vertrekkendes



Mev. J Coertze - Sekretaresse

Mev. E van Staden - Tydskrifte






Albert en Rita Otto wat op 17 Sept. in die huwelik bevestig is.

## laat berig

Die Merenskybiblioteekpersoneel wil mnr. en mev. Henk de Bruin hartlik geluk wens met die geboorte van hul eerstelingseun op Dinsdag 28 September

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · OKT. 1976

# vervloek of verklik?

In die Julie-uitgawe van Biblikasie het ek gewaarsku teen die versoeking en gevaar om vanweë die diefstal en bedrog van 'n klein bedorwe minderheidsgroep maatreëls te tref wat ons eerlike en toegewyde biblioteekgebruikers nadelig sal raak. Hoewel ons sekerlik al geleer het om met eersgenoemdes in hierdie onvolmaakte en verwronge wêreld saam te leef, moet ons steeds begryp dat ons per slot van sake ter wille van laasgenoemdes bestaan.

Die bibliotekaris se ondervinding van persone wat willens en wetens koelbloedig vernietig wat die bibliotekaris ten behoewe van die mens en sy gemeenskap versamel en opbou, strek oor baie jare - selfs eeue. So het daar bv. uit die tyd van Assurbanipal se beroemde biblioteek te Ninevê in Antieke Assirië 'n inskripsie behoue gebly wat lui dat enigeen wat 'n kleitablet uit die biblioteek verwyder, homself die toorn en wraak van die gode op die hals sal haal. Die vroeë Christene was besonder gesteld op die behoud en welsyn van die boek. Tyrannius wat Origen se De Principiis vertaal het, het bv. enigeen wat met die teks sou peuter, verdoem tot "die plek van geween en gekners van tande en onuitbluslike vuur." In die Middeleeue is boeke met kettings aan tafels gekoppel en 'n voorbeeld het behoue gebly waar die skrywer van 'n boek enigeen wat by geleentheid die boek sou steel, veroordeel tot voortdurende voltering "in die duiwelse geselskap van Annas, Kajafas, Pilatus en Judas."

Die tradisie om dreigemente teen diefstal by wyse van 'n inskripsie op boeke aan te bring, het lank voortgeduur en 'n Engelse boek van 1540 dra bv. die volgende kostelike inskripsie:

"My Master's name above you se,<br>
Take heede and therefore you steale not<br>
mee;<br>
For if you doe, without delay<br>
Your necke for me shal pay.<br>
Looke doune below and you shal see<br>
The picture of the gallowstree;<br>
Take heede therefore of thys in time,<br>
Lest on this tree you highly clime."

(Met erkenning aan prof. Lawerence Thompson, Professor in Klassieke aan die Universiteit van Kentucky)

Die aanwending van die godsdiens-geïnspireerde vloek en dreigement (boekvloek) as 'n beveiligingsmaatreël in die vroeë geskiedenis van die boek en biblioteekwese is 'n interessante brokkie geskiedenis. As gevolg van die Hervorming en die Franse Rewolusie het die destydse Kerk se greep op die boek- en biblioteekwese egter grootliks verval en het die boekvloek sy effek as beveiligingsmaatreël verloor.

Vandag is ons genoodsaak om allerlei moderne tegnieke ter plaasvervanging van die boekvloek aan te wend. In Merensky se geval het die "vloek" plek gemaak vir "verklik" - altans so hoop en vertrou ons; want tensy ons hierdie verklikkingsmeganisme sinvol en oordeelkundig aanwend, sal ons ons veel wrewel op die hals haal.

Ons is intens dankbaar jeëns die universiteitsowerheid dat ons by gebrek aan 'n ander plaasvervanger vir die boekvloek in staat gestel is om die verklikkerstelsel as beveiligingsmaatreël te installeer. U en ek, en dan veral die personeel in ons leenafdeling, moet egter gereed wees om benewens allerlei tegniese probleme en u eie aanpassingsprobleme ook die probleme wat dit vir die gebruiker sal meebring, die hoof te bied.

Of die stelsel nou tereg of verkeerdelik die skuldige of onskuldige "verklik"; in albei gevalle sal dit hoë eise aan u optrede teenoor daardie persoon stel. Die sukses wat u daarin behaal, sal bepaal of ons verklikkerstelsel 'n waardige plaasvervanger vir die "vervloekingstelsel" van vroeër sal wees.

In werklikheid is dit alles o.a. 'n toets vir ons aanpasbaarheid en sal ons moet bewys dat ons bereid en in staat is om die eise van ons tyd die hoof te bied met die nuwe middels tot ons beskikking.

Prof. E D Gerryts<br>
DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# van die buiteposte

UIT DIE MIDDESTAD

Wat kan 'n mens sê van 'n beknopte argief wat 'n biblioteek geword het? En wat kan 'n mens sê van bestofjasde arbeiders wat professionele, nie-doserende, akademiese personeel geword het?

Om te sê dat ons 'n nuwe toonbank, trap, teekamer, kombuis, Xerox-kamer, Regskamer, kardeks, tikmasjien (nou wel tweedehands), drie studiehokkies, rakke en matte bygekry het, klink na 'n voorraadopname in plaas van stof tot dankbaarheid. Sokrates het gesê die geheel is meer as die som van die dele! Selfs ou Edward dra 'n pak klere werk toe - wat die nuwe Macfadyen-biblioteek nie alles aan 'n mens doen nie!

Mnr. Theophilus du Toit kuier lekker by Die Oog om goed uit te rus vir die finale veranderings voor die groot openingspartytjie. (Hulle het na bewering professor Gerryts se woord dáárvoor!)

Intussen word ons tydskrifte gebind. Ons ideaal is om al ons volumes volledig te maak met die hulp van die Tydskrifafdeling en Xerox-aanvrae.

Nuut gestewel en gespoor groet ons vanuit die middestad.

# terloops...

Met die verloop van tyd het ek 'n paar taalfoute wat ek by die personeel teenkom, opgeteken. Ek praat nie van woorde soos ôlraait en OK nie, dié kan nog tot 'n redelike mate verduur word en is van die kleinere sondetjies wat liefs vergeet kan word. Maar daardie ingeburgerde anglisismes wat so seer op die ore val ...

'n Baie algemene fout wat die personeel maak is om van 'n vloer te praat wanneer verdieping bedoel word. 'n Vloer is die plat horisontale oppervlakte van 'n vertrek waarop 'n mens gewoonlik loop. Daar kan dus gepraat word van die vloer van die eerste of tweede verdieping; maar nie van die eerste, tweede en keldervloer nie. Só gebruik is dit 'n blatante anglisisme.

Ander soortgelyke foute wat gemaak word, is wanneer daar gepraat word van stafaankondigings in plaas van personeelaankondigings, van die binders wanner die bindery bedoel word en van joernale in plaas van tydskrifte. 'n Joernaal is en bly nou maar een maal iets heeltemal anders as 'n tydskrif!

Die doel van hierdie skrywe is nie om te kritiseer, te etiketteer of te verkleineer nie maar net om op foute te wys met die versoek dat elkeen van ons op sy taalgebruik sal let. Ons is aan 'n akademiese inrigting verbonde en moet probeer om die Afrikaans wat ons praat Afrikaans te hou.


# rekenarisering

TYDMETING VAN ONTSLUITINGS- EN KAARTPRODUKSIEPROSESSE

Personeellede van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling is die afgelope weke reeds besig om met behulp van stophorlosies, tydmetings te doen van die duur van sekere prosesse in die Ontsluitingsafdeling. Hierdie aktiwiteite maak deel uit van die poging om die DOBIS-rekenaarprogrampakket te evalueer. Die gedagte is dat die totale tyd wat nodig is om 'n gemiddelde boek te ontsluit, die kataloguskaarte daarvoor voor te berei en in die katalogus te liasseer, gemeet sal word, sodat die koste hiervan bereken kan word. Dieselfde sal ook gedoen word met die aktiwiteite wat nodig is om dieselfde titels in die gerekenariseerde stelsel in te voer. Deur die gegewens te vergelyk en oor 'n aantal jare die toekoms in te projekteer, word daar gehoop om uitsluitsel te verkry oor die aanvaarbaarheid van die betrokke rekenaarprogramme en moontlike regverdiging vir rekenarisering in die algemeen.

Indien alles volgens plan verloop, behoort hierdie eksperimente teen die einde van Januarie 1977 afgehandel te wees. Verder word gehoop om teen ongeveer Maart 1977 finale voorstelle te kan doen oor die aanvaarbaarheid of DOBIS of moontlike alternatiewe benaderings van rekenarisering.

N.S. Volgens Heinrich Heymann wat verantwoordelik is vir die tydmetings, is dit baie moeilik om te bepaal of die sogenaamde Hawthorne-eksperiment van die dertigerjare nie besig is om homself te herhaal nie. Kul die proefpersone nie dalk deur vinniger te werk net omdat hulle waargeneem word nie? Ons hoop nie so nie. Dit kan dalk net die strooitjie wees wat rekenarisering verongeluk.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# nuwe aanwinste

968:63 JONGH, S J de
Encyclopaedia of South African wine.
Düsseldorf, McGraw-Hill, 1976.

Hierdie boek is saamgestel deur 'n bekende wynkenner en wynliefhebber om te dien as 'n volledige handleiding oor Suid-Afrikaanse wyne. Eers word die geskiedenis van ons land se wynindustrie geskets en dan word in streng alfabetiese volgorde alle relevante inligting en stukkies algemene kennis en feite oor wyn, mense, wynplase, druiwe, klimaat en slefs die bekende en ongewilde "hangover" op sprankelende wyse weergegee. Die boek is ryklik geïllustreer en van pragtige landkaarte van die Kaapse Wynland voorsien.

968:384 ESTERHUYSEN, M
South Africa's first gold coin.
Pretoria, National Cultural History and Open-air Museum, 1976.

Die Burgers Staatspond van 1874 was die eerste muntstuk wat ooit vir 'n Suid-Afrikaanse regering geslaan is. Die muntstuk is destyds gemaak van die eerste goud wat in ons land ontgin is. Die outeur verskaf 'n wetenskaplike uiteensetting van hoe die muntstuk geslaan is en van die verskillende kleurstowwe wat in die prosse gebruik is.

968:58 SPUY, U van der
Maak tuin met dekplante. Kaapstad, HAUM, 1975.

'n Pragtige boek waarin volledige metodes oor hoe om met dekplante tuin te maak, uiteengesit word. Nie net word die plante ook beskryf nie, maar die boek is kleurvol geïllustreer met voorbeelde van sodanige plante.

968(084) HISTORIESE tablo's op teëls. Afrikaanse teks deur C J Scheepers en Engelse teks deur Harry Klein.


Hierdie pragtige gedenkalbum bestaan uit afdrukke van 'n reeks tablo's op teëls wat in Holland vervaardig is en wat tonele uitbeeld uit die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902, tesame met afbeeldings van die vier Boeregeneraals wat daarby betrokke was.

Hierdie album is opgedra aan dr. Willem Punt, Direkteur van die Stigting Simon van der Stel. Sy onmiddellike besef van die historiese waarde van die teëlskilderye en sy onvermoeide pogings om die kunsskat te bekom ten spyte van groot aanbiedinge uit ander lande, het hierdie waardevolle stuk Africana vir Suid-Afrika beveilig.

---

UIT DIE KATALOGUS

Peptides in cheddar cheese during ripening by Clement Edwin Cheeseman.




Hy is die enigste veearts wat nog huisbesoek doen

---

# onafhanklike transkei

Op die 26ste Oktober, met die onafhanklikheidswording van die Transkei, vind daar 'n gebeurtenis van kardinale belang vir Suid-Afrika plaas. In 'n toespraak in Johannesburg op 22 April 1975 het hoofminister K D Matanzima die Transkeise beleid kortliks as volg uiteengesit:

"Firstly, the Government and people of the Transkei are natural capitalists who attach great store by their personal belongings ... My Government's policy is one of capitalism with a conscience. In the new Transkei there will be no equal divison of profits. People are not equal and deserve different compensations.

Secondly, my administration is an adult one ... For the past twelve years the whole of the internal affairs was in our hands ... The conversion will, like the past twelve years, proceed smoothly.

Thirdly, the Transkei ... has only one overriding objective in front of her, and that is economic development."

Op 'n ander geleentheid het Matanzima gesê:

"We do not think we are unlucky because we appear on the stage of the free world so late in the play. On the contrary, we feel we can learn from the mistakes of other nations. Here, we are negotiating our independence round the conference table. In this way our children will learn an eternal lesson - that hate and bombs cannot produce a better world."


Bron: BANTU, v.22 no. 11, Nov. 1975


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Hy oefen al vir drie weke en het nog nie 'n enkele kilogram gewig verloor nie

# lyk dit bekend?



Sluitingstyd saans



Buitemuurse projek

# fiksheid

Die komende somerreses en gedagte aan songebaaide strande het meer as een van die damespersoneel van die Merensky-biblioteek na hul badkamerskale laat loer. Die neiging om fiks te word het skielik erg posgevat by sommige wat die plaaslike fiksheidsgimnasiums goeie klandisie besorg.

Mejj. Ingrid Orban, Annatjie Momberg en mev. Annatjie Korkie sal sekerlik nie gou hulle eerste klas vergeet nie en dit is ook nie snaaks dat hulle nog nie weer hulle opwagting daar gemaak het nie. Mens het eintlik seergekry om hulle te sien stap.

Dit was met groot wilsinspanning dat Annatjie Momberg haar toe weer in die rigting van die gimnasium begewe het. Onduidelike kennisgewingborde kan 'n mens maklik onverhoeds in 'n verkeerde kleedkamer en in 'n nog groter verleentheid laat beland. Ons wonder net wat het Annatjie, dié dag sweetpak onder die arm en sonder om 'n enkele oefening te doen, laat spaander terug huis toe.

# vakansie in rhodesië

Mej. Ria Breed het onlangs 'n paar angsvolle oomblikke beleef tydens haar besoek aan haar suster en swaer naby Nuanetzi in Rhodesië.

Rewolwers aan die sy het deel uitgemaak van die daaglikse voorsorgmaatreëls.

Tydens die aankondiging van Premier Ian Smith se aanvaarding van Dr. Henry Kissinger se vredesvoorstelle is daar berig ontvang oor die tweerigtingradio van 'n motieraanval op 'n naby geleë plaas.

Die gewere en rewolwers is onmiddellik in gereedheid gebring. Ria moes help dophou deur die vensters terwyl haar suster en dié se dogtertjie in die kelder onder die huis versteek is. Elke halfuur is daar berigte uitgesaai omtrent die terroriste se bedrywighede. Die plaashuis is gelukkig nie aangeval nie.

Op pad terug na Beitbrug is 'n vragmotor 'n paar kilometer voor hulle die lug in geblaas na 'n landmynontploffing.

Met sandsakke gepak tot teen aan die vensters en veiligheidsomheining om die plaashuis as deel van die alle daagse lewenswyse was Ria baie verlig toe sy die grens oorsteek na Suid-Afrika.

# Welkom....totsiens

Met mev. Denise Wheeler aan die stuur, is IBL met 'n flinke pas besig om hul agterstand in te haal. Ons vertrou dat sy net so gelukkig met haar helpers is, as wat hulle met haar as hoof is. Voorspoed vir die laaste skof!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# ensovoorts...

WEES PARAAT OP DIE TUISFRONT

Op hierdie gebied gebeur daar nou interessante dinge. Nou die middag het die noodhulp-entoesiaste die voorreg gehad om mnr. Otto stewig vasgebind, met sy volle lengte oor vier (was dit vyf?) teetafels uitgestrek, as pasiënt te sien.

Op die laaste pistoolskiet-oefening het mev. Babs von Ehrenberg heelwat sukses behaal. Sy wys dit nou vir almal en dwing groot agting af.

Ter illustrasie:-




# draaihekepisodes

---Meneer, u mag nie daar uitgaan nie.
...hy glimlag vriendelik, knak die draaihekkie halfpad om, en glip deur.


---U moet asseblief nie daar deurgaan nie!
...O mag ons nie? Dan draai die dame in haar spore om en stap om die toonbank, die meneer gaan deur die verbode hek en hul ontmoet mekaar weer anderkant.

---Die versoek word weer aan 'n voornemende oortreder herhaal...
...wat gewoon maak of hy nie hoor nie, en met een langbeentree is hy dwarsoor.
...Die meer mak tipe oortreder sal verleë glimlag as hy aangespreek word en die lang pad omstap, maar dit gebeur selde.

Miskien moet ons daar 'n kennisgewing aanbring "Gebruik hierdie hek slegs as uitgang", want studente is byna sonder uitsondering links van die regering, en hul besluit dalk om die regte uitgang te gebruik!

Anders moet ons 'n student aanstel om 'n doeltreffende INGANGS-hek te ontwerp, want hul wysheid is onoortroffe en buitendien sal net 'n student sy makkers se streke ken en weet hoe om hulle te fnuik.

Hopelik sal die beplande nuwe sisteem hulle in hulle spore laat vassteek. Ons hou asem op.




Die nagevolge is niks, die belangrikste is dat my man springlewendig is

The world of books is
the most remarkable creation of man.
Nothing else that he builds ever lasts.
Monuments fall; nations perish;
Civilizations grow old and die out
and, after an era of darkness,
new races build others.
But in the world of books are volumes
that have seen this happen again and again,
and yet live on, still young,
still fresh as the day they were written,
still telling men's hearts
of the hearts of men
centuries dead. - Clarence Day.

The Story of the Yale University Press Told by a Friend, 1820.

# by nadenke....




Die Volksblad



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons vertrou dat mej. Anna-Mari Honiball al gewoond is aan die Merensky roetine en glad nie meer verlang na die opwinding van die Eerste minister se kantoor nie.

Mev. Helena Davel is sedert 1 Oktober in die Tydskrif-afdeling werksaam. Sy is 'n dame met goeie ondervinding as biblioteekassistente, eers by die O.K. en daarna by Nasionale Opvoeding. Ons vertrou dat sy baie gelukkig gaan wees in die Merensky-biblioteek.

Mnr. Kallie Scheepers het besluit om die boekbindery te verlaat en met sy eie boerdery buite die stad te begin. Ons wens hom alle voorspoed toe.

Mev. Wilma Nel gaan ons ook verlaat. Ons vertrou dat die nuwe baba vir hul groot vreugde sal bring.

Ook mev. Joyce Botha gaan die tikmasjien verruil om liewer net huis te hou en die nuweling te versorg.

Mev. Elsa Coertze was vir 4½ jaar by Merensky werksaam. Veral by ontsluiting waar sy mej. Coertze afgelos het, sal ons haar mis. Die vooruitsigte dat sy gaan ophou werk en dat haar man afstudeer, verdryf enige hartseer gedagtes oor haar afskeid van die Merensky-biblioteek. Ons wens hulle alles wat mooi is toe. Mag die pastorielewe vir hulle verrykend en tot seën wees.

ARBEIDSLOON

"Die arbeider is sy loon werd" Luk. 10:7

# om die teepot

Mej. Annatjie Momberg was gedurende die langnaweek in Oktober na Ficksburg in die Vrystaat. Alhoewel die Kaap natuurlik nog bo is, blyk dit dat sy darem nie kon stuit vir die Malutiberge se natuurskoon nie en hoor ons sy praat van Kersfees deurbring tussen die Vrystaatse boere!

Volop troues hierdie jaar; nog 'n keer so gemaak en mev. Elna du Plessis van die Aanskafdeling en mej. Ina Muller van Ontsluiting is susters.

Mev. Alida van der Watt het heerlik gaan uitrus by haar ouerhuis in Durban en goudbruin teruggekom.

Mej. Rieët Krahtz, voorheen van die Aanskafafdeling en tans werksaam by die Mediese Biblioteek, tree op die 11de Desember in die huwelik met mnr. Gert Fourie.

Uit die aard van sy werk is dit gewoonlik moeilik om vir mnr. Piet de Kock in die hande te kry. As hy nie by een van die takbiblioteke of in die kelder besig is nie, neem hy êrens foto's vir Biblikasie. Die afgelope paar weke was dit egter glad nie moontlik om hom hier te vind nie, aangesien hy op die 25 September 'n noodoperasie ondergaan het en nog nie weer op die been is nie. Ons sien uit na die dag wanneer Piet weer fiks en gesond terugkom.

Mnr. Rolf Tönsing het besoek ontvang van familie uit Duitsland. Hy gebruik op die oomblik sy verlof om aan hulle die Noordkus van Natal te wys. Die besoekers het vir hom aanskoulike plakate van Europa saamgebring, waarmee hy sy werkplek versier het. Gevolglik herinner sy werkplek 'n mens aan dié van 'n reisagent. Dit is baie stimulerend om rigting te gee aan vakansie planne ....

Mnr. Peter Lor is ook met vakansie en soos 'n lojale Bolander bring hy dit in daardie geweste deur. Hy sal as besoekende dosent die Stellenbossers iets vertel van sy werk in verband met die beplanning van mediese biblioteke.

Mercia Neitz van Buitemuurs het intussen mev. doktor Neitz geword. Baie geluk aan die Neitze vir hulle harde werk en ondersteuning.

Het u geweet dat ons 'n kranige tennisspeelster in ons midde het? Sy het in die afgelope maand op Umlazi, Natal, as lid van die Noord-Transvaalse Tennisspan aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem en die gemengde dubbelwedstryd gewen! Hierdie speelster is niemand anders as Helen, die persoon wat daagliks vir ons tee sorg nie. Baie geluk Helen.

Ontsluitingspersoneel wat die afgelope maand met vakansie was, is mej. Ina Muller en mevv. Annette Steyn, Manda Lang en Hermine Reimann. Mej. Jo Breed was met studieverlof. Ons hoop dat almal bly is om terug te wees.

Pietersburg se bekoring en die Vrystaatse vlaktes is vir mev. Dalene v.d. Merwe baie aantrekliker as die prente voor haar werkstafel in die Bindery. Lekker uitrus Dalene!

Van die Bindery gepraat ... Na drie maande van stilswye is die Koemat-verguldpers ook weer instaat om tot hierdie afdeling se algemene gerees by te dra.


REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# fotoblad




Die verklikkerstelsel word geïnstalleer

## welkom



Mej. Anna-Mari Honiball
Sekretaresse

## totsiens



Mev. Joyce Botha
Teleksoperatrise



Mev. Helena Davel
Tydskrifafdeling




Mev. Denise Wheeler
IBL



Mev. Elsa Coertze
Ontsluiting

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Nov. 1976

# ons finansies: ....'n seën?

Ons is sekerlik almal bekommerd oor die verslegtende finansiële toestand van ons land. Die skoen knyp van alle kante en elkeen van ons moet aanpassings maak ten einde met die beskikbare geldjies alle gate toe te stop. Dit word al duurder om te lewe en die lewe self behoort dus ook al kosbaarder vir ons te word. As dit die geval is, moet ons onsself aan die einde van nog 'n jaar afvra: maar hoe sien ek hierdie kosbare lewe van my?

Ek is oortuig dat ons nie kan leef asof ons lewe uit verskillende geïsoleerde kompartemente bestaan nie. Soos die ledemate van ons liggaam deur een bloed- en senuweestelsel gevoed en beheer word, vorm ook alle aspekte van ons praktiese lewensbestaan een geheel en behoort dieselfde norme, waardes en beginsels vir die verskillende fasette van my daaglike lewe te geld. Dan word my ontspanning, my huislike lewe, my gemeenskapslewe, my beroep, my dagtaak .... een sinvolle geheel.

Ons moet erken dat die huidige finansiële toestand ons lewe direk raak en beïnvloed. Baie van ons is genoodsaak om te rantsoeneer en te besnoei - sy dit t.o.v. vakansieluukshede, kersgeskenke, brandstof en so meer. Die eenheid van ons lewe bring mee dat ons nou noodwendig ook 'n rantsoenering in ons werksituasie te wagte moet wees en moet aanvaar. Ons sal moet onderskei tussen dit wat essensieel en dringend noodsaaklik is en dit waarsonder ons wel kan klaarkom. Selfs sonder salarisvermindering skep my eie beursie probleme. Wat dan van my werkgewer wat ten spyte van 'n drastiese vermindering in sy regeringsubsidie nog die mas moet probeer opkom? Ons begryp dat die besnoeiing van ons biblioteekbegroting met ongeveer R50 000 uit nood gebore is en dat dit nie die bestaande goeie wil en gesindheid tussen biblioteekdiens en die betrokke universiteitsafdelings in enige opsig mag skaad nie.

Die boodskap is baie duidelik. Aanpassings deur sowel biblioteekpersoneel as biblioteekgebruikers word geverg. Ek het so pas verneem dat ons lopende intekengeld op tydskrifte oor die afgelope boekjaar met 'n astronomiese 60% gestyg het. Die onrusbarende is dat hierdie ontstellende prysstyging nie tot tydskrifte beperk is nie, maar dat dit oor die hele linie van ons aktiwiteite strek. Besef u die implikasies hiervan? Met presies dieselfde bedrag geld kan ons in vergelyking met die vorige jaar slegs ongeveer een derde vermag. In die lig daarvan is die onlangse vergadering van alle universiteitsbibliotekarisse van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat van nog groter betekenis. Die goeie onderlinge verstandhouding tussen die aanwesiges was voorwaar 'n riem onder die hart. Daar is o.a. ooreengekom dat die betrokke universiteite se personeel en doktorale en magisterstudente mekaar se biblioteekgeriewe voortaan vryelik oor en weer kan benut. Daarbenewens word die eliminering van onnodige duplisering van tydskrifintekeninge gesamentlik grondig ondersoek. As 'n tekort aan fondse hierdie nouer en intense samewerking tussen biblioteke tot gevolg het, het die finansiële krisis voorwaar ook sy seëninge!

Wat ons interne sake betref, kan die biblioteekdiens vanjaar vir die eerste keer in jare weens 'n tekort aan fondse nie alle boekbestellings afhandel nie en is ons genoodsaak om onafgehandelde bestellings na departementshoofde terug te verwys vir heroorweging. Daar is met besorgdheid kennis geneem van die wyse waarop boekkeuring en -bestelling by sommige akademiese departemente plaasvind en die hele kwessie van 'n boekkeuringsbeleid en die toepassing daarvan sal so gou doenlik grondig ondersoek word. Dit is immers ons plig om te verseker dat die beperkte beskikbare fondse slegs met die allergrootste verantwoordelikheid bestee word. So roep die tekort aan finansies ons almal op alle terreine tot 'n herbesinning van ons omgang met en aanwending van die materiële.

Ten spyte van die sombere prentjie t.o.v. ons finansies kan ons tog vol moed uitsien na die nuwe jaar met al sy uitdagings. Ons weet dat ons geestelike fiksheid en spierkrag vir 'n verandering weer getoets sal word. My eie trapfiets loop weer en met 'n bietjie meer geduld en inspanning bereik ek tog my bestemming. Ons is gedetermineerd om die mikpunte wat ons t.o.v. ons biblioteekdiens vir 1977 stel ook te bereik al moet ons dit dan "per trapfiets" doen.

Ek is oortuig dat die finansiële krisis met al sy probleme ook sy voordele vir ons inhou. Ek het hierbo o.a. verwys na sake soos die kosbaarheid en eenheid van ons lewe - na ons sin vir waardes en geestelike fiksheid. Mag u Hom in wie u dit alles in oorvloed kan vind eersdaags by die krip van Bethlehem ontmoet. Dit is my innige wens vir die naderende feesgety en terselfdertyd my laaste woord vir 1976!

Prof. E D Gerryts
DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# terloops...

# redaksionele nota

Die jaar staan einde se kant toe en dit het tyd geword vir voorraadopname maak van dit wat verby is.

1976 was in baie opsigte 'n jaar van hoogtepunte. Elke afdeling of takbiblioteek was die toonbeeld van bedrywigheid of verandering en kan van sy eie hoogtepunte getuig. Daar is verbreek en gebou, herrangskik of verskuif en ons kan spog met moderne biblioteekgeboue. Op 26 Maart is die nuwe Merenskybiblioteek op feestelike wyse geopen waarna een na die ander takbiblioteek gevolg het.

Vuurwarm vleispasteie in 'n vrolike atmosfeer van rooi-bont gordyntjies en madeliefies, was die Sosiale Komitee se bydrae tot aangename teetye in die Merenskybiblioteek. Drie hoera's vir mej. Anna-Marie Badenhorst wat so gereeld vir die versterking van die innerlike mens gesorg het.

Die grondvloerpersoneel van die Merenskybiblioteek het 'n nuwe element bygekry waarmee daar deeglik rekening gehou moet word. Die verklikkerstelsel is geïnstalleer en het homself al goed bewys as 'n voorkomende maatreël. Dit laat egter die personeel met die groot kopseer hoe om die vermeende oortreder op 'n taktvolle wyse te hanteer.

"Eenvormige klerehdrag ter wille van beter dienslewering", was die slagspreuk waarmee die Kleredragkomitee aan die werk gespring het. Die resultaat is die voorkoms van die dames en te oordeel aan die opmerkings van besoekers by die Uitleentoonbank, vind dit algemene byval.

Die redaksie wil graag almal bedank wat vanjaar so fluks geskrywe het om Biblikasie vol nuus te hou. Ons sien uit na die nuwe jaar vol beloftes. Die instelling van Biblikasie self is natuurlik 'n hoogtepunt wat nie geïgnoreer mag word nie!

Ons beste wense gaan aan u almal vir 'n aangename vakansie en 'n geseënde Kersfees.

REDAKSIE.

# van die buiteposte

## Landbounuus

Mev. Alet Fisher en mej. Jeanette du Preez is druk besig om vir mej. Anne van Zyl 'n volledige opname van die tydskrifbesit te maak. Al is die Landboubiblioteek op die oostelike kampus hou ons tred met nuwe ontwikkelinge. Anne het ons op versmaat in kennis gestel dat rekenarisering in aanvang geneem het:

"En hier op hierdie mooie dag
Begin dit waarop ons lankal wag
Die dae is hier van swoeg en sweet
(Wat vir ons nog wag, sal ons nie weet!)"

Die eksamen stemming heers hier by die Landboubiblioteek boste baard, kaalvoete en afgesnyde denims is die algemene gesig.

Die uniform en naambalkies vind byval hier by Landboubiblioteek se dames al praat die studente van: "Die Kortetjie met die lang romp en die Langetjie met die kort romp!

## Onderstepoort

Die biblioteek by Onderstepoort is op Vrydag 12 November, amptelik geopen.

'n Paar besoekers, onder andere prof. Pelser, prof. E D Gerrtys en prof. C F B Hofmeyr, wat dekaan is van die Fakulteit Veeartsenykunde, het die opening bygewoon.

Van Woensdag af, het ons al begin koppies en pierings aanry sodat ons darem genoeg breekgoed sou hê om twaalf mense te onthaal. Toe Vrydag uiteindelik aanbreek, was ons slaggereed.

Prof. Gerryts het ons toegespreek, en prof. Hofmeyr het 'n goeie woordjie gedoen vir die personeel.

Ons wens is dat ons hulle vertroue waardig sal wees, en altyd diensbaar sal wees aan almal wat die biblioteek gebruik.

Groete vanaf 'n volwaardige biblioteek,

Rita Erasmus en Francina de Villiers.

## Uit die middestad

'n Jaar wat amper op sy rug lê, vakansie en 'n leë biblioteek is sinoniem. Nuwejaarsvoornemes en oujaarsverwyt uitgesluit beteken dit 'n tyd van herstel.

Die Macfadyenbiblioteek wens graag al die Biblikasielesers 'n geseënde Kersfees en 'n goeie blaaskans toe.

Die Buitemuurse biblioteek dra deesdae sy naam, met nuwe waardigheid en ons nooi u om 'n draai hier te maak wanneer u van die universiteit se voortreflike parkeerterrein gebruik maak.

Dienswillig groet ons wanuit die Middestad.

- Die redaksie wil graag vir mnr. Victor Hulme hartlik geluk wens met die bevestiging van sy huwelik op Saterdag, 27 November. Ons verneem dat die geleentheid op feestelike wyse gevier is met 'n osbraai op die plaas Swartfontein in die distrik Bethal.

Mnre. Rudi Schwartz en Theophilus du Toit gaan albei vir 'n korter rukkie uitspan terwyl mev. Mercia Neitz die fort sal hou. Ons verneem dat sy in die hospitaal was maar weer op die been is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# wat gebeur waar?

## skatte

Noudat mnr. Pieter Ferreira weer terug is by die Africana-versameling na die swoeg en "swot" van Rekeningkunde en Ekonomie,lyk dinge weer normaal. Hy hou hom tans besig met die sowat 400 nuwe bladmusiekstukke wat toegevoeg word tot die F Z van der Merwe-musiekversameling.

Frank R Bradlow in sy African Books & Pictures; a selection of published papers (968(084)Bradlow) p.20 het die volgende oor die versameling te sê: "A unique collection is that of South African music from early times assembled by dr F Z van der Merwe, on which his Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie 1787-1952 (968:78 Merwe) is largely based". Hierdie versameling blyk dus uniek en baie waardevol te wees.

Die Pretoriase afslaersfirmas gaan voortaan ook alle kennisgewings van veilings (natuurlik met die oog op Africana materiaal) aan Pieter Ferreira stuur. (Hulle sal tussendeur uitkyk en die woord doen as daar iets opwindends soos Ming porselein en antieke koper te kry is!) Moet dus nie verbaas wees as daar groot kratte Africana-skatte hier afgelewer word nie.

Die lus en vreug van mev. Cora Moolman se bestaan is stowwerige rakkontrole. Gelukkig het die uitsoek van die De Wet Nel-Versameling welkome afwisseling gebied. Wat sy baie indrukwekkend gevind het, is die vergulde titelblad van die eerste Transkei Amptelike Koerant, v.1., no. 1, Umtata 3/4/64. Bygaande is 'n brief aan sy edele Minister De Wet Nel sowel as die prosedure van die tweede sessie van die Wetgewende Raad. Kom kyk gerus na die oorspronklike voorbeelde in die Africana-versameling. Daar was o.a. ook 'n Women's Weekly, 'n spyskaart van 'n ete met Venda kapteins ("Bantoebier sal na ete by die kapteins-gastehuis bedien word,") en 'n Fair Lady van 1967.

Daar is egter baie waardevolle materiaal vir Africana uit die versameling gehaal. Die pamfletversameling is met bykans 100 stukke aangevul en sal nou bykans op 11 556 pamflette te staan kom. Baie ontbrekende Regeringspublikasies kon ook nou aangevul word.

Die drie nuut poleerde uitstalkassies lyk nou meer inspirerend. Een bevat 'n versameling interessante Xhosa boeke. Mev. Mercia Smuts het The Pagan Soul deur B J F Laubscher (ZA 399.681.1 Laubscher) geweldig interessant gevind. Sy sê by die lees van hierdie boek het die Xhosa kultuur vir haar 'n hele nuwe dimensie aangeneem. B J F Laubscher se skryfstyl is besonder boeiend en sy wetenskaplike benadering oortuig. In die tweede uitstalkas is 'n klein versamelinkie oudio-visuele materiaal en die laaste bevat 'n versameling antieke artikels. Die silwer sand-en-inkhouer met sy Armeense inskripsies (1257) is iets besonders. Een van die ouer garde in die Merenskybiblioteek kan ons gerus laat weet hoe Merensky hieraan gekom het.

# rekordgetalle

UITLEENSTATISTIEK VIR 1976

Ons het hierdie jaar 'n rekord aantal studente wat as gebruikers by die biblioteek geregistreer het. Dit is voorwaar 'n besondere oomblik in die geskiedenis van die Leenafdeling om te verneem dat die totale aantal studente wat vir 1976 by die biblioteek geregistreer het, 5 303 is.

Indien ons na die uitleenstatistiek van ons onderskeie onderafdelings kyk, neem ons die volgende interessante gegewens waar:

Die maand waarin die studente die meeste boeke uitgeneem het is Junie-maand. Gedurende hierdie maand is 5 700 (of te wel 259 boeke per dag) boeke aan hulle uitgereik.


Die voorgraadse-studieversameling het hulle besigste maand gedurende April beleef, waarin oor die 6 000 uitreikings gedoen is.

Die dosente het die hardste gedurende Maartmaand gewerk, want 1 900 boeke en tydskrifte is aan hulle uitgereik.

Die onderafdeling vir Africana-materiaal het sy besigste tyd belewe gedurende Augustusmaand toe 1 200 uitreikings behartig is.

Ons studente het April- en Juniemaand die meeste materiaal d.m.v. die interbibliotekleningstelsel aangevra (600 per maand) en ander biblioteke het gedurende Augustus 1976 die meeste (nl. 1 400) boeke en tydskrifte van ons aangevra.

Dit was voorwaar 'n bedrywige jaar by ons dienspunte. Al die personeel word hartlik bedank vir hulle puik en getroue dienslewering.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WERKSAAMHEDE VAN DIE AFDELING BEPLANNING EN ONTWIKKELING GEDURENDE 1976.

Aangesien die jaar nou vinnig sy einde nader, word hier kortliks 'n oorsig gegee van die aktiwiteite wat gedurende die afgelope jaar in die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling plaasgevind het:

1. Seker dié vernaamste projek wat aangepak is, is die rekenarisering van die Biblioteekdiens. In die eksperimentele fase waarby twee persone uit ons afdeling en twee uit die Ontsluitingsafdeling tans betrokke is, word die DOBIS-ontsluitingsmodule evalueer. Intussen word ook hard gewerk aan koste-ontleding van huidige prosedures, en die breëre implikasies van rekenarisering word bestudeer. Rome is nie in een dag gerekenariseer nie!

2. Die opknapping en heruitleg van die takbiblioteke is onderneem. Die werksaamhede in verband met die Veeartsenykunde-biblioteek is onlangs afgehandel. Die Buitemuurse biblioteek nader voltooiing en spog reeds met 'n pragtige trap wat die twee verdiepings verbind, asook 'n mooi ruim toonbank. Beplanning vir die heruitleg van die Voorkliniese biblioteek is afgehandel en tenders word tans ingewag.

3. Op een of ander stadium kry enige biblioteek te kampe met die probleem dat 'n gedeelte van die voorraad onaktief is en nogtans 'n groot hoeveelheid ruimte in beslag neem. In die Merenskybiblioteek verwag ons dat ons reeds teen 1980/2 dit moeilik gaan vind om die versameling te huisves. 'n Ondersoek in verband met die uitdunning van mingebruikte voorraad is onderneem. Aspekte soos die identifisering van hierdie gedeelte van die voorraad, asook die berging en toekomstige groei daarvan, het deel uitgemaak van die navorsing.

4. Die installering en implementering van die verklikkerstelsel het voortgevloei uit 'n ondersoek wat in die verband gedoen is. Verskillende stelsels is vergelyk ten opsigte van effektiwiteit, koste, ensovoorts.


5. Na aanleiding van 'n besluit deur die Senaat is aan prof. Gerryts en 'n komitee opdrag gegee om die instelling van 'n oudio-visuele versameling in die Merenskybiblioteek te ondersoek. 'n Geskikte sentrale plek is gesoek vir die huisvesting van hierdie versameling. Die beoogde lokaal op die eerste verdieping langs die teekamer is vanweë sy lokaliteit ontoereikend gevind en daar is toe besluit op die noordwestelike wegpakkamer op die derde verdieping.

6. Die rasionalisering van tydskrifintekening deur die Merenskybiblioteek is 'n langtermynprojek waaraan nog gewerk word. Navorsing is onder andere reeds onderneem in verband met die beginsels van tydskrifartikelverspreiding, die identifisering van ranglyste van produktiewe tydskriftitels in verskillende vakgebiede en gebruikersevaluering van tydskrifte.

7. 'n Gerekenariseerde tydskriflys word in samewerking met die Rekenaarsentrum opgestel. Spesifikasies van die tydskriflyste is in oorleg met die Rekenaarsentrum opgestel. Na aanleiding van 'n steekproef is tydskrifdata van 364 tydskrifrekords aan die Rekenaarsentrum beskikbaar gestel om 'n proefloop mee uit te voer. 'n Komitee het ook aandag gegee aan tydskrifklassifikasie.

8. 'n Baie interessante maar omvattende probleem is dié van biblioteekdiens aan institute. Daar is altesaam twee-en-twintig institute aan die Universiteit van Pretoria verbonde, waarvan elf mediese institute is. Hierdie institute het wyduiteenlopende maar streng afgebakende navorsingsterreine. Die vraag ontstaan dan of die dienste wat die biblioteek tans lewer werklik hulle besondere inligtingbehoeftes bevredig.

Intussen het die afdeling reeds sekere van die institute gehelp met die ontwerp en implementering van mikro-ontsluitingstelsels om hulle gespesialiseerde literatuur volgens hulle besondere behoeftes in diepte te ontsluit.



TYDSKRIFTE-AFDELING SE "TEN LITTLE INDIANS"

Tien mense is ons. So sê die Baas in sy boek,
maar Oktober en November was ons amper in 'n hoek.

Jakkie skryf eksamen en nog Alma ook,
Dit laat net agt oor om die pyp te rook.

Agt flukse mense ontvang vele sakke pos,
Barbara gaan Gunther en laat ons net so los.

Sewe moeë mense werk dat hulle klap,
Bramie word De Wet en weg is nog 'n hap.

Ses moedige mense beur maar daagliks voort,
Rolène word Van den Bergh en vertrek ook soos dit hoort.

Vyf arme mense kyk al skoon skeef,
Hester speel so tussendeur sowaar nog toneel.

Vier geduldige mense werk geskenke weg,
en in ons poskamer lyk die saak maar sleg.

Drie mense worstel met die vreemde rekenaar,
Gretha redigeer haar partykeer stom en naar.

Twee vlytige mense vorder baie goed,
met Helena ook op die terminaal het ons baie moed.

Een van ons mense moet ons nou groet,
Wilma, al ons liefde, ons hoop dit gaan goed.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# oorplasing

Mnr. Peter Lor, voorheen Hoof van Biblioteek- en Inligtingsdienste aan Geneeskunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde word oorgeplaas na die Beplanningsafdeling waar hy as tweede in bevel onder die Adjunk-Direkteur mnr. H de Bruin sal optree. Hy sal sy ondersoek na die inligtingsbehoeftes van geneeshere voortsit en nog steeds verantwoordelik bly vir beplanning van mediese biblioteekfasiliteite.

# Kennisgewing

So byna was daar Dinsdag 23 November geen tee beskikbaar vir die dorstige werkers van die Merenskybiblioteek nie. Dit sou die produktiwiteit en die normale werkspatroon heeltemal ontwrig het want hoe kan die personeel hoegenaamd funksioneer sonder enige lafenis of ontspanning rondom die teepot?

Neem daarom kennis van al die elektriese apparaat wat saans afgeskakel moet word om katastrofes te voorkom:

In die kombuis:

Die kookwaterketel en warm-oond.

Op die Laergrond:

Die fotostaatmasjiene.
Xerox 7000: Lig die klap aan die regterkant op en skakel af by "main power off"; daarna die rooi knop aan die voorkant van die masjien.
Xerox 4000: Skakel slegs af by die rooi knop aan die voorkant van die masjien.
IBM: Skakel aan die regterkant af by "Power off".

By die Toonbank:

Alle apparaat wat te doen het met die verklikkerstelsel se muurproppe moet afgeskakel en uitgetrek word.

# klererekening

Alle dames word vriendelik versoek om asseblief voor of op 10 Desember die tweede paaiement van hulle klererekening by mnr. Tinus Pelser te vereffen ten einde die Kleredragkomitee in staat te stel om die globale rekening te vereffen.

Dames kan op 1 Desember nuwe bestellings plaas vir rokke en rompe. Die fabrieke sluit alreeds 10 Desember maar ons hoop om ons bestelling betyds geplaas te kry. Ons wil u vriendelik vra om u bestellings vir baadjies terug te hou en slegs 'n aanduiding te gee indien u in 'n baadjie belang sou stel. Die firma met wie ons onderhandel onderneem om vir ons 'n splinternuwe passtelletjie te maak wat dan as basis sal dien vir verdere bestellings.

KLEREDRAGKOMITEE.

# baie dankie

Op Woensdag 12 November het Merensky skielik verfrissend anders daar uitgesien.

Besoekers kon nie onmiddellik agterkom waarom die personeel skielik so strelend op die oog was nie - totdat hulle agterkom dat dit darem vreemd is dat almal dieselfde kleur klere aanhet. Uniforms is dit ook nie, want elkeen dra haar roomkleur op haar eie manier! Verder was dit 'n verligting vir die besoeker om skielik te wéét wie is die oulike dametjie agter die toonbank - dit was nog altyd 'n begeerte om dit uit te vind, en siedaar!

Van die kant van die damespersoneel bestaan daar groot vreugde. Vir die eerste keer in 'n lang tyd het hulle 'n paar stukke klere in die kas - en hêt hulle iets om aan te trek!

Aan die klerekomitee wat hulle soveel moeite getroos het om alle moontlikhede te ondersoek sowel as aan die topbestuur en die universiteitsowerhede, sê ons baie dankie vir u elkeen se aandeel daarin.

Die werklike waarde van die drag sal seker eers mettertyd besef word, maar tans dra ons die klere met vreugde en waardeer ons die vleiende kommentaar in verband daarmee.

Arbeidsnoodsaaklikheid

"As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie." 2 Thess. 3:10

# mev. rautenbach vertel

In die V.S.A. is daar verskeie ou dorpies wat gerestoureer is en as opelugmuseums bestaan. Een daarvan is Sturbridge Village, 'n landbougemeenskap in New England wat uit die vroeë negentiende eeu dateer. Alles in die dorpie is outentiek en verteenwoordigende van daardie tydperk, tot selfs die kleredrag van die mense wat gedurende kantoorure daar werk.

Die pottebakker maak dieselfde gebruiksartikels van destyds, die bakker bak daagliks molassekoekies volgens die ou resep en kan skaars voorbly soos die toeriste die warm koekies laat verdwyn! 'n Groep vrouens sit rustig en gesels terwyl hulle lappieskomberse met die hand maak, en so is almal besig met alledaagse werkies. Alles wat in die Village gemaak word, word in 'n winkeltjie by die uitgang verkoop.

Die rustigheid word op 'n keer versteur deur 'n besoeker wat die bank se deur oopruk, instorm en skree: "This is a holdup! HAND OVER!" Die bankbestuurder antwoord ewe kalm, "I don"t have any money, you know."

In die pastorie sit die predikant en lees in 'n rystoel en kyk vraend oor sy knypbrilletjie. "What are you reading, Reverend," vra die besoeker, "porn?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Sturbridge cooks feed the nation

STURBRIDGE — In 1957, the Evening Women's Club of the Sturbridge Federated Church embarked on a fund-raising project that, during the last 13 years, has brought good food to thousands of diners across the country.

The Women's Club collected the favorite recipes of Sturbridge cooks and published them in a book.

Most of the recipes are old; people from all over the country have written in saying these recipes remind them of recipes their mothers and grandmothers have used.

Actually, many are much older still. The first two recipes listed here—the New England Clam Chowder and the Baked Stuffed Shrimp—are originals contributed by the Publick House. The other recipes that follow are favorites from local cooks.

**New England Clam Chowder**

¼ lb. salt pork
1 large onion
3 medium-sized potatoes
3 cups milk
1 qt. chopped clams
¼ lb. butter
salt and pepper

Cut salt pork into small dices and render in sauce pan. Reserve the cracklings. Cook in the fat one large onion, thinly sliced, until golden. Cook in 2-quart pan with one and one-half cups of water, 3 medium size potatoes (peeled and cubed) for ten minutes.

Drain liquor from potatoes into 4-quart pan. Add quart of chopped clams. Cook for 25 minutes. Then add 3 cups of milk, cracklings, potatoes, onion, butter, and salt and pepper to taste. Serves 8.

**New England Fish Chowder**

2 pkgs. frozen haddock or cod
1½ inch cube salt pork, diced
2 large onions, diced
6 large potatoes cut in ¾ inch cubes
1 Tb. salt
3 Tb. butter
½ pt. light cream
¼ tsp. pepper
4 cups milk
thyme

Defrost fish. Use large heavy frying pan. Try out salt pork and remove pieces. Add onions and fry five minutes in pork fat. Add potatoes and 2 cups boiling water. Cook five minutes. Add fish; cover and simmer ten minutes. Add milk, cream, salt, pepper, butter and a pinch of thyme. Simmer ten minutes but do not allow to boil. Serves 8-10. This is even better if made the day before it is to be served.

**Mrs. Cheney's Nobby Apple Cake**

1 cup sugar
3 Tb. margarine
1 egg
3 c. diced apples
¼ c chopped nuts
1 tsp. vanilla
½ tsp. cinnamon
½ tsp. nutmeg
½ tsp. salt
1 tsp. baking soda
1 cup sifted flour

Cream shortening and sugar; add beaten egg; mix well. Add diced apples, nuts, and vanilla, and then sifted dry ingredients. Bake in moderate oven 350 degrees 40 to 45 minutes, in 8x8x2 pan. Serve hot or cold with or without whipped cream.




# nuwe aanwinste

810.6 Rothman

ROTHMAN, M E
Familiegesprek; briewe aan haar dogter.
Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1976.

Afrikaanse lesers ken M.E.R. uit haar outobiografie, haar vertellings, haar essays en haar romans as skryfster, as welsynswerkster, as filosoof, as mens. So 'n kennismaking is 'n ervaring waarsonder 'n mens veel misloop.

Met die verskyning van hierdie brieweboek word daar vir ons iets tot hierdie ervaring bygevoeg, iets van M.E.R. die spesiale vriendin van haar dogter, Anna. "My ma en ek", het Anna eenkeer ná M.E.R. se heengaan gesê, "kon 'n veldjie met mekaar deel. Dit was deel van ons vriendskap."

Lesers wat M.E.R. se werk ken en liefhet, sal met die lees van hierdie brieweboek iets besonders bykry. Dié wat nog nie haar werk ken nie, sal hierdeur iets besonders ontdek. En almal sal deelhê aan die heilsame vrolikheid wat soos 'n blink stroompie water deur 'n groen veld dwarsdeur al die briewe loop.

- Alba Bouwer

'n Baie waardevolle boek is onlangs aangeskaf in die Diskoteek, naamlik die Penguin Stereo Record Guide, wat aan klassieke musiekliefhebbers en plateversamelaars die geleentheid bied om eers 'n evaluasie van 'n spesifieke plaat te lees voordat daar besluit word om te koop.

Van die belangrikste plate op die mark word hier geevalueer. Dit kom daarop neer dat daar aangedui word of 'n plaat uitstaande, goed of gemiddeld is. Daar word selfs aangedui of 'n plaat in 'n baie spesiale klas tuis hoort as iets unieks of baie waardevols. Hiervan egter net enkele gevalle.

Daar kan net bygevoeg word dat die samestellers van hierdie gids, deskundiges en bekendes op die gebied van musiek is.

# ensovoorts...

## uitgevang!

Ons sit heerlik en gesels tydens teepouse. Lui-lui staan ons op en drentel terug na die werk.

Net buite die teekamer kom prof. Gerryts ons teë. Vir die eerste en die beste persoon vra hy: "Mevrou, hoe laat het u dit nou?" "Drie minute na half, professor!" "Nou goed dames, kom asseblief ses-ses na my kantoor, dan bespreek ons die sakie."

Professor kyk veelseggend na my en ek kan sy gedagtes lees: "Ja jong! Ook uitgevang né!" "Ja-a Professor", erken ek sommer hardop.

Ewe gedwee sit ons in die voorportaal van die direkteur se kantoor. Professor maak elke paar minute sy verskyning en wink 'n groepie binne ....

Ag, dankie tog! Dit was toe net 'n nagmerrie. Seker maar 'n slegte gewete wat 'n mens so ry.

B.K. - Ontsluiting.

"Merenskybiblioteek, goeienaand"

"Mag ek asseblief met dominee Merensky praat?"

"... Meneer, dit is die MerenskyBIBLIOTEEK hierdie. In watter hoedanigheid is die persoon met wie u wil praat?"

"Ek het aansoek gedoen vir werk ...."

"O! Dit is meneer Duminy met wie u wil praat ....!"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TEGNIESE MEMORANDUM VOORSTELLE VIR DIE UITDUNNING VAN MIN-GEBRUIKTE MATERIAAL

1. Na 'n uitvoerige studie van die problematiek van die hantering en berging van min-gebruikte materiaal in universiteitsbiblioteke, word die volgende oplossing aan die hand gedoen:

2. Ten einde die probleem van min-gebruikte materiaal spoedig en doeltreffend op te los, kan alle personeellede hiermee versoek word om elke week minstens een ongebruikte dokument uit te neem en te gebruik.

3. Daar word bereken dat min-gebruikte materiaal op hierdie wyse teen 'n tempo van c.6240 bande per jaar in gebruikte voorraad omskep kan word.

JORIS.

BOEKE IS BAIE SOOS VROUMENSE

Sommige is dun, ander is dik,
Party is styf, ander is slap,
sommige is los.
Een is verhewe, 'n ander is plat.
Baie is langwerpig, ander vierkantig of square.
Sommige is besmeer, ander is goed versorg.
Party is duur, ander is goedkoop.
Baie is oop, maar 'n groot persentasie is toe.

Sommiges hanteer maklik, ander is stram en die blaaie sit vas.
Party moet jy vêr van jou jou, ander naby, ander moet styf vasgehou word - soms selfs op jou skoot.
Die drukkers behaal nie met almal dieselfde resultaat nie.
Sommige is swak gebind, hulle bult oral uit en wys lelike knoppe.
Sommige benut mens nie - hulle bly op die rak.
Party is gehawend en moet oorgetrek word, ander vertoon op hul beste sonder enige omslag of buiteblad.

Party is jou vriende, ander het jy lief.
Van party onthou jy nie eers die naam nie, ander vergeet jy nooit.
As jy met sommige begin het, wil jy hulle nie weer uitlos nie terwyl jy ander liewer wil toeklap.
Meeste is op hulle plek, maar ander lê rond, en moet eers 'n naam op kry voordat sy weet wie s'n dit is.

Party moet verban word, ander behoort verbrand te word.
Sommige is opbeurend, ander neerdrukkend, sommige vervelend.
Ander boeiend, sommige lagwekkend, ander inspirerend.
Sommiges wil jy graag altyd saam met jou hê, ander laat jy liewer by die huis.

Inagnemende al die voorafgaande, bly boeke vir my die mooiste, interessantste, onvoorspelbaarste, onmisbaarste en magtigste skeppinge in die hele wêreld.


# shalom!

Op 16 Desember vertrek ons vir so 'n hier-kiep-kiep, daar-kiep-kiep-toertjie deur Israel. Dit gaan kort, maar opwindend wees, want Israel is die land van kontraste - die Nuwe en die Oue; die Heilige Land en die land van Midde-Oosterste konflik - daar ontmoet die Ooste en Weste mekaar letterlik. Jood, Griek, Mohammedaan .... ja en Suid-Afrikaan stroom soontoe. 'n Mens vra jouself af, waarom? Miskien vind 'n mens weer jouself en die sin van die lewe in dié dorre, sanderige land, in die land wat Christus bewandel het.

Tel Aviv is die toer se begin- en eindstad - dus die moderne, meer Westerse hawestad. Vandaar oornag die groep in die KIBBOETS AYELET HASCHACHAR. Indien die omstandighede dit toelaat, toer ons deur die Golan Hoogtes na die See van Galilea, Kapernaüm en Nasaret. Later besoek ons natuurlik ook Jerusalem, Bethlehem en die geskiedkundige natuurmonument MASSADA.

Annatjie het die opmerking gemaak: "Pak maar 'n koel rokkie in, indien ons geskaak word en in Kenia beland, is ons darem voorbereid. Dit is glo taamlik waarm daar." Ons hoop dit bly maar by voorspooksels want hierdie is voorwaar 'n toer waarna ons baie uitsien.

Ingrid Orban, Annatjie Momberg en Carien Human.




# Welkom....totsiens

Die oes was goed en in die nuwe jaar sal ons met 'n groot groep nuwe personeel aan die werk spring. Die Bindery se geledere is alreeds versterk deur mnr. Jan Kruger. Hy was onder andere opleidings- en areabestuurder vir Hoover en het 'n wye draai in die Oranje Vrystaat gemaak voordat hy hom in Pretoria kom vestig het. Jan is ook 'n voltydse student. Ons hoop dat jy al goed ingeburger is en tuis voel Jan!

Mnr. M N Janse van Rensburg sal hom vroeg in die nuwe jaar ook by hulle aansluit.

Die volgende dames word almal hartlik in ons midde verwelkom. Hulle aanvaar almal op 1 Januarie 1977 diens. Biblikasie beoog om hulle almal later meer in die besonder aan u bekend te stel: Mejj. Inarié de Vaal, Esmarié Kotzé, Antoinette du Plessis en C C van der Merwe, asook mevv. Jean Botha en J C H Fourie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons sê hierdie maand totsiens aan mev. Tertia Kilian. Sy is die besonder vriendelike dame wat die geld, afkomstig van die fotostatiese masjiene, moes administreer. Tertia en Uys gaan hulle aanstaande jaar in Vereeniging vestig. Tertia sal dan ook weer 'n onderwyseres wees wat Afrikaans doseer. Ons mooiste wense vergesel julle twee!

Een van die "stigterslede" van die Beplanningsafdeling is mev. Rhona van Zyl wat vanaf 1 Oktober 1975 aan dié afdeling verbonde was. Aan die einde van November verlaat sy ons om haar met haar man, Dries, op Bank te vestig. As u Rhona lanklaas gesien het, is dit nie omdat sy al gedros het nie, sy het verlede maande 'n groot operasie ondergaan. Nou gaan dit gelukkig baie beter. Ons wens vir Rhona sterkte met die groot trek, en alles van die beste vorentoe!

Mej. Anna-Marie Badenhorst gaan aanstaande jaar voor 'n graad een-klassie staan. Anna-Marie het by die Uitleentoonbank begin werk voordat sy na IBL oorgeskuif is. In die Sosiale Komitee was sy 'n regterhand en iemand wie se welwillendheid ons almal gaan mis. Ons wens jou alle voorspoed en baie geluk in jou nuwe werkkring toe, Anna-Marie!

Mev. Wilma Pitzer was vir 3 jaar 'n onmisbare deel van die Tydskrifte-afdeling en óók 'n lid van die Sosiale Komitee. Waar Wilma nou voltyds huisvrou gaan wees, wens ons haar net die allermooiste wense toe en mag haar eersteling hulle groot vreugde verskaf.

Prof. E D Gerryts gaan self groot skade ly. Sy sekretaresse, mev. Yvonne Crots, was vir 'n bietjie meer as 'n jaar aan die Merenskybiblioteek verbonde, maar word nou ook voltyds huisvrou. Ons gaan egter almal haar vriendelike behulpsaamheid mis. Baie dankie dat jy ook bereid was om in te spring met Biblikasie se tikwerk, Yvonne! Goeie wense.



"Ek sê! Kom ons gaan geniet die stilte van die groot stad, ou man."

# om die teepot

Desembermaand is vakansiemaand. Namens die redaksie wens ons almal 'n baie aangename en welverdiende rustyd toe. Ook vir diegene wat nie so bevoorreg is om vir weke lank elders te gaan ontspan nie, is daar tog die heerlike onderbreking vanaf Kersfees tot na Nuwejaar.

Mev. Denise Wheeler van IBL het besluit om die Desember-hitte van S.W.A. te trotseer en met haar gesin op Swakopmund te gaan kuier.

Mnr. V. Otto gaan vanaf 26 November met vakansie. Sy reisplan sluit in: Potchefstroom, Warmbad en die Drakensberge. Voorspoedige reis en veilig terugkom!

Mej. Ilse Pellissier het haar vakansiewerk vir die Museumkursus uitstekend beplan. Gedurende die week sal sy op Grahamstad die museumstukke afstof maar naweke sal sy op die strand van Kenton-on-Sea te vinde wees. Geniet dit Ilse!

Mev. Gerda de Bruin neem in stilte kennis van almal se reisplanne, want met 'n huisbouery in die vooruitsig sal hulle met Jan Tuisbly se karretjie ry om die beplanning van hul nuwe tuiste te finaliseer.

Mej. Susna Hurn gaan Kersfees in Potchefstroom die familiesaamtrek se getalle volmaak.

Mej. Ansie Nolte het haar verlof vir eksamendoeleindes gebruik en waarlik Ansie lyk asof eksamenskryf haar baie beter pas as die roetine werkies van V.G. Onthou net dat dit vir die toonbankpersoneel baie gaaf sal wees om V.G. weer aan Ansie en Hendrik Bosman af te gee.

Ook in die Bestellingsafdeling sal die dames bly wees as mnr. Floris Venter met sy pittige sêgoed weer hul dae kom opvrolik. Hy het mnr. Hennie Bosch van Kalafongbiblioteek afgelos tydens sy vakansieverlof.

Mnr. Heinrich Heyman van die Beplanningsafdeling gaan na Buffelsbaai om al die skoonheid van die mense en die natuur ten volle te geniet.

Mnr. v.d. Klashorst gaan na Margate terwyl mnr. Paul Erasmus sy verlof tuis gaan verwyl. Origens sal die personeel van die Bindery volstoom moet werk aan al die uitgerafelde boeke en tydskrifte wat volgende jaar weer soos nuut op die rakke moet wees.

Ons wil mnr. en mev. Willie Porter van harte gelukwens met die herdenking van hul 25ste huweliksdag. Mag die jare vorentoe geseënd wees met gesondheid, kameraadskap en ware lewensvreugde.

Ons wil ons hartlikste gelukwense aan mnr. Hendrik Bosman en sy aanstaande bruid oordra. Mag u ook in die huweliksverbintenis die vrede en vreugde van Kersfees ervaar.

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# fotoblad



Die nuwe kleredrag word hier vertoon deur mev. Daleen Stols en mej. Marie Schoeman



Mev. Alma Cronjé en mej. Anne-Marie du Toit



Die Sosiale Komitee onthaal die personeel en gaste van die Merenskybiblioteek en takbiblioteke op Vrydag 26 November

# totsiens



Mev. Wilma Pitzer Tydskrif-afdeling en Mev. Yvonne Crots Sekretaresse



Mev. Tertia Kilian Kleingeldtoonbank en Mej. Anna-Marie Badenhorst IBL



Mev. Rhona van Zyl - Beplanning

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019